

DIE VERBREIDING VAN DIE MENSELIKE WOONPLEKKE IN DIE  
DISTRIKTE VAN DIE PAREL EN WELLINGTON.



INHOUD

I.	INLEIDING .....	1
II.	DESKRIPTIEWE ONSKEMME .....	6
III.	VERBODEN NIERSKAPPE .....	11
	Reliëf.	
	Geologiese Formasies.	
	Grondsoorte.	
	Klimaat.	
IV.	REISDE VAN OORBORE .....	20
	Optrek Van Die Kaarte.	
V.	DIE GEOGRAFIESE ORIENTERING VAN DIE VERREKIDING VAN DIE WRELDIKE WOODLEKKE .....	30
	Die Inlyde van Die Yarns Van Die	
	M.A. graad aan die Universiteit van Stellenbosch in 1933.	
	Die Plantegroei	
	Die W.S.M. Beyers. as Speel.	
	Die Toekoms.	
VI.	DIE PLATTLANDSE BLANKE BEVOLKING .....	42
	Die Wroete - Syntes Afdeling	
	Die Graanwe Gebied	
VII.	DIE VERREKIDING VAN DIE PLATTLANDSE NIERSKAPPE .....	58
VIII.	DIE BOSPLANTASIE BEVOLKING .....	67
IX.	DIE NUISLIKHE ORGANSKOUING .....	72
	Die Municipale Area Van Die Koral.	
	Die Municipale Area Van Wellington.	
	Die Municipale Area Van Franschoek.	
	Oopening Van Bespreking Oor Dorpe	
X.	KONKLUSIE .....	88



## INHOUD

Bladsye

I.	- INLEIDING . . . . .	I
II.	- GESKIEDKUNDIGE GEGEWENS . . . . .	6
III.	- FIESIESE EIENSKAPPE . . . . .	II
	Reliëf.	
	Geologiese Formasies.	
	Grensoorte.	
	Klimaat.	
IV.	- METODE VAN ONDERSOEK . . . . .	20
	Optrek Van Die Kaarte.	
V	- DIE GEOGRAFIESE ORIENTERING VAN DIE VERBREIDING .. VAN DIE MENSELIKE WOONPLEKKE . . . . .	30
	Die invloed van Die Vorme Van Die Aardkors.	
	Die water —	
	Die Plantegroei	
	Die Rol Wat Die Mens Speel.	
	Die Paaienet.	
VI.	- DIE PLATTELANDSE BLANKE BEVOLKING . . . . .	42
	Die Vrugte - Wynbou Afdeling	
	Die Graanbou Gebied	
VII.	- DIE VERBEREIDING VAN DIE PLATTELANDSE NIE)BLANKES	65
VIII.	- DIE BOSPLANTASIE NEERSETTING . . . . .	69
IX.	- DIE DUIDELIKE GROEPSBEBOUING . . . . .	72
	Die Munisipale Area Van Die Pêrel.	
	Die Munisipale Area Van Wellington.	
	Die Munisipale Area Van Franshoek.	
	Opsomming Van Bespreking Oor Dorpe	
X.	- KONKLUSIE. . . . .	88

BIBLIOGRAFIE.

---

- M. Auresseau - The Arrangement of Rural Populations  
Geog. Review Vol. 10 1920 - 223-240
- M. Auresseau - The Arrangement of Rural Populations  
in Picardy and Flanders  
Geog. Journal. Vol. LI 1918 - 393-394
- P. P. Deschanel - The Influence of Geography on the  
Distribution of the Population  
of Scotland.  
The Scot. Geog. Magazine. Vol. 18 1902
- H. W. Ahlmann - The Geographical Study of Settlements  
Geog. Review Vol. 18. 1928 - 93-128.
- P. Evans - The Vegetation of South-Africa.  
Department of Agriculture.
- T. Dendlinger - The Book of Wheat.
- B. Reuter - Population Problems.
- G. Taylor - Settlement Zones of the Sierra Nevada  
de Santa Marta, Colombia - Reprinted from  
Geog. Review Vol. 21. 1931 - 539-558.
- A. L. du Toit - Geology of South Africa.
- S. D. Dodge. - The Vermont Valley: A Chorographical Study.  
Reprinted from Papers of the Michigan  
Academy of Science, Arts and Letters,  
Vol. XVI, 1931. Published 1932.
- M. Auresseau - The Geographical Study of Population groups.  
Reprinted from Geog. Review Vol. 13.  
1923 - 266-282.
- C. Juritz - The Agricultural Soils of the Cape Province
- G. M. Theal - The History of South Africa Before 1795 Vol. II
- J. G. Granö - Die Geographischen Gebieten Finnlands.

Painfall Normals.

Verlag van die Unie Landbou en Veeteelt Produksie  
1929-1930.



Die Hulpboek vir Beere in Suid-Afrika.

Verslag van die Departement van Besproeing.

---



" The phase distribution of population is widely used to include not alone the matter of Geographical location but as well such items as occupational placement and rural residence" - Byron Reuter

# DIE VERBEREIDING VAN DIE MENSLIKE WOONPLEKKE IN DIE DISTRIKTE VAN DIE PÉREL EN WELLINGTON.

## I. INLEIDING

Die mens kan sy woonplek nie willekeurig kies nie; hy moet woon daar waar hy sy lewensbestaan maak. As tasbare uitvloeisel van sy aanwesigheid en optrede in 'n streek, het ons die huis wat hom beskerm teen die elemente van die natuur. Waar hy hom oekal bevind laat hy die bewyse van sy gang na. In verband met die afseenderlike liggende woonhuis, dorp, of stad, sal ons oek dan die verbreiding van die mens moet bestudeer.

Die manier waarop 'n gebied beset werd, is afhanklik van verskeie faktore, veral die mate waarin dit van natuurlike hulpbronne voorsien is. Daarnaas het ons die gemak waarmee die mens gebruik van hierdie faktore kan maak. As natuurlike karakteristieke van 'n gebied kan ons neem die klimaat, geleëgese struktuur, reliëf, grondsoorte en die natuurlike plantegroei. Hierby kom nog die transportfasiliteite, gemak van verbinding met ander streke, afstand van groot handels- en industriële sentrums en hoofstede, voorsiening van arbeid, arbeidskoste, belegde kapitaal en nog baie ander eienskappe eie aan die ekonomiese lewe van die gebied.

In die studie van die bevolking verwys ons gedurig na die digtheid, verbreiding en rangskikking van die mense. Noodsaaklik is dit dus om duidelik te onderskei wat ons onder hierdie terme verstaan. Die digtheid van die bevolking is die aantal persone per eenheid van oppervlakte; die verbreiding hou sig besig met 'n vergelykende studie van oppervlakte tot oppervlakte; en die rangskikking neem in aanmerking die manier waarop die bevolking gegreep is.

Hoewel die mens in hoofsaak gedwing is om hom te vestig daar waar sy werksaamhede is, hoef hy nie te woon daar waar sy voedsel of kledingsmateriaal geproduseer werd nie. In hierdie opsig verskil die mens radikaal van ander lewende wesens, wat



verkeer in die streek wat hul voedsel voortbring. Alleen die mens kan reëlings tref vir die aanvoer van sy materiële benodig-hede uit ander gebiede. Hierdie feite dra ook daartoe by dat die lewe op die aarde onreëlmarttig verdeel is.

Die faktore wat die verbreiding van die mens in sekere streke bepaal, kan ons sistematies as volg indeel:--

Die ligging

Klimaat

Die invloed van die grond in al sy vorme

Die menslike faktore-, etiese, sosiale, historiese, ekonomiese en politieke.

Terwyl ons in hooftrekke die menslike verbreiding geografies kan verklaar, is dit nie altyd moontlik nie. Dikwels gebeur dit dat die rede waarom 'n afsonderlike persoon in 'n bepaalde deel van 'n neersetting woon, van sy eie keuse afhang. Om alle verskynsels dus Geografies te verklaar of te ondersoek is onsin.

Ons is geneig om die inwerking van bogenoemde faktore, op die verbreiding van die bevolking, afsonderlik in volgorde te bespreek. Behandel ons die feite op 'n dergelyke manier, sal alleen die invloed van die afsonderlike feite op die voorgrond tree en nie die kausale verband nie. Die elemente tree in wisselwerking op en kan nie in hokkies afgeskei word nie.

Vir die leek in die straat skyn dit natuurlik dat die bevolking van 'n land of staat sig in twee groepe rangskik; naamlik 'n stedelike en plattelandse bevolking. Ons verdeel die bevolking in stedelike en plattelandse bewoners maar huiwer gewoonlik om 'n skerpe lyn tussen die twee te trek daar die oorgang geleidelik is. Daar is geen skerpe grense in die Geografie nie, en in die geval van die dorpe en platteland kan ons derhalwe geen demarkasie lyn onderskei nie.

Waar ons 'n studie maak van 'n bepaalde Geografiese streek, sal dit ons dadelik opval, dat die digtheid,



verbreiding en rangskikking van die menslike woonplekke, in noue verband staan met die Geografiese geaardheid van die gebied. Die streek sal die mens toelaat om dit op 'n sekere manier te beset namate hulle ekonomiese en sosiale status is. 'N gedetailleerde studie sal eienskappe vertoon, wat alleen aan die sekere gebied eie is. 'N uitstappie in enige rigting sal aan die reisiger - as hy oë daarvoor het -, belangrike verskille in bevolkingsdigtheid vertoon. Gewoonlik is die oorgang van 'n hoë na 'n lae bevolkingsdigtheid geleidelik, maar baie maal is die oorgang skielik.

Wat is die nut van 'n studie aangaande die bevolking van 'n bepaalde gebied? Dit lei ons tot 'n insig van die feit dat 'n Geografiese streek alleen tot op 'n sekere punt kan beset word. Alleen 'n sekere aantal persone kan op die platteland hulle lewensbestaan maak. In breë trekke is ons bewus waar die grootste mense massas woonagtig is, en waarom hulle hul daar bevind. Sal ons in staat wees om te bereken, watter bevolkingsgetalle ons studiestreek sal kan onderhou en onder watter toestande. Die grensgeval van besetting sal wees, waar die grond so 'n mate van onderverdeling ondergaan het dat die produsent-, deur sy eie arbeid -, net in staat is om homself en sy gesin te onderhou. Dit sal beteken die meer doeltreffende gebruik van alle moontlike bewerkbare gronde, tot nog toe verwaarloos.

Alleen deur 'n intieme kennis van 'n gebied of bepaalde oppervlakte kan ons die kenmerkende eienskappe aangaande die rangskikking van die menslike woonplekke herken. Ook sal dit ons opval dat die tot standkoming van 'n dorp die uitvloei-sel van sy omgewing is.

In 'n streek waar die klimaat gunstig is en intensiewe bebouing moontlik, is aanwesig aansienlike areas dorre rotsagtige of meerassige grond, wat nuttelees is. So is daar alleen 'n sekere gedeelte van die totale oppervlakte van 'n Geografiese gebied wat beset kan word. Slegs in die mees ontwikkelde lande bestaan daar 'n opmeting van die beboude en onbeboude



gronde. Voldoende gegewens is dus nie altyd verkrybaar nie.

Nuttige wenke in verband met die studie van die bevolking van 'n bepaalde streek is dikwels te vind deur die oorsiening van topografiese, klimaats-, geologiese-, bevolkings-, en plantegroei-kaarte van die gebied. Dergelyke kaarte vestig 'n mens se aandag op allerlei belangrike punte, wat dien as 'n sleutel tot die rangekikking van die menslike woonplekke. 'N verklaring van bestaande toestande word aan die hand gegee. Waar vertroubare kaartemateriaal ontbreek word die studie van 'n dergelyke onderwerp uiters bemoeilik.

Tot ons diens het ons die sistematiese kennis en statistiese materiaal -, deur wetenskaplikes versamel en uit-eengesit-, in verband met die samestelling en funksies van verskillende Geografiese groepe. So het ons gegewens beide oor die verlede<sup>er</sup> die teenswoordige; wat die volk se oorsprong was en weens watter beweegredes hul in 'n sekere omtrek gevestig het. Beide die Archaeoloog en die Philoloog kan in die opsig van diens wees.

Die wetenskap sal belang stel in soortgelyke vraagstukke solank die mens woonagtig op die aarde is. Belangstelling in die mens lei noodwendig tot die vestiging van ons aandag op die aard-oppervlakte waaruit hy sy lewensbestaan put.

As 'n verdere hulpmiddel by die ondersoekingswerk kan ons, ons na die Geskiedkundige bronne wend. Ons moet dit deeglik sif vir alle moontlike informasie. Vir gegewens omtrent die huidige dag kan die Ekoonom van ontsaglike hulp wees. Daar is selfs 'n juridiese kant tot die vraagstuk; in hoeverre ou uitgediende instellings wette en gebruike hulle invloed laat geld het op die mense van die streek. Bestuursliggame bepaal dat in 'n sekere deel van die dorp, geboue nie sal opgetrek word nie, terwyl in 'n ander afdeling alleen 'n sekere tiepe van bebouing sal plaas-vind.

Die taak van die Geograaf is suiwer om met behulp van alle voor die handliggende bronne, naas sy eie persoonlike kennis, vertroubare inligting omtrent die bevolking van sy studiegebied te gee. Sy vooropgestelde doel, of liewers die vereistes aan sy werk



gestel is dat hy 'n duidelike skerpomlynde beeld moet skilder van die digtheid, verbreiding en rangskikking van die menslike woonplekke. 'N vertroubare verslag van die metode van ondersoek is 'n noodsaaklike vereiste.

As vanselfsprekend volg hieruit die teboekstelling van besonderhede aangaande die werksaamhede van die mense. Is hul in hoofsaak plattelandse of dorpsbewoners; of is hulle oorwegend in die landbou, mynbou of industrieë werksaam. 'N mynbou streek sal aanleiding gee tot die konsentrasie van industriële bedrywe, tot die konsentrasie van die bevolking in groot stede en tot die terugdringing en agteruitgang van die landbou. Meer en meer goeie landbou grond sal deur die bebouing in beslag geneem word namate die stad uitbrei. Voedsel word dan aangevoer uit ander verder afgeleë gebiede daar die onmiddellike<sup>1</sup> omgewing nie genoegsame voedsel kan produseer nie.

Waar ons kartografiese voorstellinge van verskynsels in 'n Geografiese streek gaan gee, moet dit bo alles oorsigtelik wees. Ons kan nie in al te veel besonderhede tree, nie, veral as die duidelikheid van die voorstelling, of die indruk wat die wek<sup>1</sup> daaronder gaan ly.

---



## II. GESKIEDKUNDIGE GEGEWENS

Die gebied in beslag geneem deur die Unie van Suid-Afrika is geleë tussen 22° en 34° Suiderbreedte en tussen 16° en 33° Ooster lengte. Die struktuur van die Unie kan ons beskoue as 'n hoë plato of tafelland wat afhel tot dig naby die kus. Hierdie reliëf laat alleen 'n smal strook oor tussen die rand van die plato en die kus. Die kusstrook bereik sy wydste omvang in die uiterste suid-westelike hoek van die Kaapprovinsie. In die breë kusstrook is geleë die Pêrel en Wellington-se distrikte.

Elke Provinsie is vir administratiewe doeleindes in afsonderlike distrikte verdeel, met 'n plaaslike magistraat aan die hoof. Die distrikte was oorspronklik in ooreenstemming met die ou Fiskale-afdelings. Die ou Fiskale-afdeling het ingesluit Pêrel, Wellington en Bellville. Geleidelik is daar egter dele afgesny tot die Pêrel en Wellington se distrikte hul huidige omvang bereik het. Op 1 Julie 1927 is Wellington afgeskei van die Pêrel en het hulle 'n eie onafhanklike status verkry.

Die gebied onder beheer van die Pêrel se Afdelingsraad is egter nie verander nie. Die liggaam oefen vandag nog kontrole uit oor die ou Fiskale-afdeling. Wellington word beskou as 'n tweede graadse distrik en die Pêrel as een van Senior rang, hoewel laasgenoemde in die werklikheid 'n primêre graad se distrik is. Die huidige status van die Pêrel se distrik is reeds in 1917 onder die Magistraatshof wet vasgestel.

Hierdie administratiewe distrikte stem gladnie ooreen met die kiesafdelings nie. Laasgenoemde is gebaseer op die bevolkingsgetalle, terwyl eersgenoemde se omskrywing in 'n meerdere of mindere mate op natuurlike eienskappe berus. Vir Afdelingsraad doeleindes vorm die Pêrel en Wellington se distrikte nog 'n eenheid. Geografies kan ons hul ook as 'n eenheid beskou. Beide sny oor soortgelyke gedeeltes heen, naamlik, 'n bergagtige streek, 'n vrugte en wynbou gedeelte en 'n graanbou afdeling. In hierdie studie sal ons dan die twee distrikte nie afsonderlik



behandel nie, maar in hoofsaak daarvan melding maak as die Pêrel-Wellington-se eenheid, gebied of streek.

In 1652 het die eerste Nederlandse Koloniste onder leiding van Jan van Riebeeck in Tafelbaai geland, met die oogmerk om 'n halfwegstasie aan die Kaap te stig. Hier kon die vloot van die Hollandse Oos Indiese Kompanjie op weg na die Ooste verversings kry, en die siekes agterlaat om versorg te word. Die instruksies van die Here 17 aan Jan van Riebeeck was, om tuine uit te lê vir die kweek van groente, en om die benodigde vleesvoorraad te versamel. Om die vlees in hande te kry moes die amptenare op goeie voet met die Hottentotte, wat groot veestapels gehad het, verkeer. Jan van Riebeeck het getrag om die bevele stiptelik na te kom. Hy het nooit probeer om die neersetting aan die Kaap die Goeie Hoop meer dan 'n verversings-stasie te maak nie.

Soos gewoonlik die geval is, in alle nuutbesette lande, het die gerugte gou in omloop gekom van ryk goudmyne in die binnelande. Jan van Riebeeck het spoedig daarna 'n spesiale ekspediesie uitgerus, onder die leiding van <sup>b</sup>Araham Gabemma om hierdie bron van rykdom te vind en te eksploiteer. Op hulle reis het hulle wel geen goudmyne gevind nie, maar het Europeane vir die eerste maal die Pêrel-klip en die kronkelende Bergrivier aanskou. Hierdie landmerke kan ons vandag beskou as kenmerkend vir die sentrale liggende gedeelte van die Pêrel-Wellington-se streek.

In 1669 het Simon van der Stel sy plaas ingeneem as Gowerneur van die Verversings-stasie aan die Kaap. Hy was vasbeslote, direk teen die bevele van die Here 17, om die Nedersetting uit te brei tot die status van 'n kolonie. Ten einde sy doel te bereik, het Simon van der Stel 'n reis aanvaar, na die Hottentots-Holland, om die buiteposte van die Kompanjie te inspekteer, en die land te leer ken. Op sy terugweg na die Kaap het die dal van die Eersterivier baie in sy smaak geval. Sy onmiddellike besluit, wat hy ten uitvoer gebring het, was om 'n aantal boerefamilies daar te vestig.



So het Stellenbosch se distrik as 'n landbouvestiging ontstaan en geleidelik ontwikkel. In 1683 het die Kompanjie die grond in die omtrek van Klapmuts in beslag geneem, as 'n uitbreiding van weiveld vir die groot troppe vee, wat aangehou was op die vee-pos te Hottentots-Holland. Kort daarna het 'n aantal boere uit die omgewing van Stellenbosch, Helshoogte oorkruis en in die Vallei van die Bergrivier plase in besit geneem. Meeste van die ander boere woonagtig te Stellenbosch het ook gronde van die Kompanjie, in die Drakenstein-Vallei verkry. Hierdie gronde het hulle slegs gebruik as weiveld vir hulle troppe vee, waarvoor hulle nie ruimte genoeg op die eiendomsplase gehad het nie.

Die veeweiding wat die boere van Stellenbosch in die Bergrivier-Vallei verkry het was die oopliggende Kompanjiegrende in die omgewing van die eiendomsplase. Die grond was nie hulle eiendom nie, en het nooit hulle privaatregterlike besit geword nie. Hulle het eenvoudig op aansoek by die Regering, die reg verkry, om rondom 'n sekere punt, sonder nadere grensbepaling, hulle vee vir 'n tyd te laat loop. Vir so 'n tydelike weilisensie, wat gewoonlik vir ses maande uitgereik is, het die boer niks betaal nie. Ingeval hy egter graan by sy veepos gesaai het moes hy die gebruikelike tiende daarvan afgee aan die Kompanjie. Met die vermeerdering van die koloniste en die uitbreiding van die veeboerdery aan die Oostekant van die Drakensteinberge, is hierdie weivelde opverdeel en uitgereik in die vorm van eiendomsplase aan die nedersetters.

In 1687 het die eerste Hugenote aan die Kaap geland. Die oorgrotermeerderheid van hierdie Franse vlugtelingen het plase in die Bergrivier-Vallei ontvang. Die meeste van hulle wat plase te Stellenbosch ontvang het, was erg ontevrede, het hul plase verkoop en ook hierheen getrek om in die nabyheid van hulle medelandgenote te verkeer. Die plase is hoofsaaklik aan beide kante van die Bergrivier uitgereik. So is plase aangetref vanaf Olifantshoek later bekend as Coin Francois of Franshoek, tot naby Daljosephat. Die eiendomme is dig bymekaar uitgereik



omdat, vir beskerming teen die rondswerwende Boesmans en Hottentotte, dit veiliger geag is. Die giftes van grond was lang smal stroke wat almal op die rivier gefront het, sowat 'n myl van mekaar verwyder sodat elkeen sy billike aandeel in die water van die Berg- en Dwarsriviere kon verkry.

Met die aanvang van die gowerneurskap van Adriaan van der Stel aan die Kaap in die jaar 1699, was daar reeds boerewonings in die gedeeltes wat vandag bekendstaan as Groot- en Kleindrakenstein en Franshoek en aan die oostekant van die Pêrelberg. Twee jaar van te vore in 1697 het Simon van der Stel sowat dertig van die armste boere van Stellenbosch en Drakenstein verplaas na die Wagenmakers-Vallei of die Vallei van Avalon, wat later bekend geword het as Wellington. Die oorspronklike setlaars het hulle tuiste in die Pêrel Wellington se streek as landbouers gemaak en hulle afstammeling beoefen vandag hierdie beroep.

nog.

Die manne wat die eerste die Vallei van die Berg-rivier besoek het, het behoort tot die eerste ondersoekingspioniers. Maar die persone wat hul die eerste hier neergeset het om hulle lewensbestaan uit die grond te put was die minder suksesvolle boere uit die omtrek van Stellenbosch. Ons kan nie praat van die boere uit die distrik van Stellenbosch nie, want aan die begin van die agtiende-eeu was daar nog net twee distrikte, te wete die van die Kaap en die van Stellenbosch. Die hele Pêrel-Wellingtonse streek was ook ingesluit in die Stellenboschse distrik. Dit is eers baie jare later dat daar 'n afskeiding gemaak is.

Die nedersetting in die Pêrel-Wellington se gebied het as 'n selfversorgende landbou gemeenskap ontstaan. Beide vrugte en graan het hulle verbou, asook met vee geboer. Alleen die oorskot produkte, wat die Kompanjie nie wou hê nie, kon hul van die hand set deur dit te verhandel aan verbygaande skepe. Hierdie mark was nie te florerend nie. Daarby het gekom dat die



verbinding met die hawe uiters moeilik was, weens die groot sandvlakte wat gestrek het tussen Kaapstad en die Pêrel-Wellingtonse streek. Die boere het in hoofsaak net genoeg vir eie gebruik geproduseer. Met verbetering van transportfasiliteite en algemene welvaart in die neentiende-eeu, het beter tye vir die boere ingetree en baie van hulle het spoedig welvarend geword.

Die intensiewe groepsgegewyse kolonisasie in die Berg-rivier-Vallei was nie alleen 'n gevolg van die feit dat die bevolking in hoofsaak die landbou beoefen het nie, maar ook as gevolg van die neiging of noodsaaklikheid om van tyd tot tyd 'n besoek aan die Kaap te bring. Die bereikbaarheid van Kaapstad deur 'n korte reis, was 'n voordeel in hulle ligging. Hierdie periodieke besoeke aan die hoofstad het die onderlinge verkeer sterk bevorder, en die opkoms van skeidingslyne tussen die boere sterk teen gewerk. Vandag nog vind ons geen skerpe uiterlike kontras tussen die huise van welvarende en armlike boere nie. Hul onderlike gemeenskap vind op 'n gelyke voet plaas.

Ons kan veronderstel dat daar nie 'n groot verskil "indien vergelyk" tussen die aard van die boerebedryf teenswoordig en die van 'n paar geslagte gelede, in die Pêrel-Wellingtonse area op te merk sal wees nie. Vroeg reeds was die hefe atmosfeer Bolads<sup>7x</sup>. Die werktuie was wel veel eenvoudiger en die verkeer moeiliker, daar die paaie baie slegter was. Die werksaamhede het reeds in die verlede die hele jaar deur die boer besig gehou en doen dit vandag nog. Saaiery, tuinmaak, veebesorging, wingerd sny en spit en die graanoes vereis die heel jaar deur die boer se aandag. Die trek na die Kaap met die swaarbelaaide ossewaens het gewoonlik twee tot drie dae geduur. Vandag met die asphalt-paaie kan die bevolking per moter of per spoor in een dag uit en tuis Kaapstad bereik.

---



### III. FIESIESE EIENSKAPPE.

Die Pêrel-Wellington se streek vorm 'n deel van die suid-westelike kusvlakte van die Kaapprovinsie en is geleë tussen die 33° 25' en 34° Suider-breedte en 18° 45' 19° 20' Ooster-lengte. Die distrikte kan ons as 'n Geografiese eenheid beskou. Die betekenis wat ons in hierdie opsig dan aan die term 'n Geografiese gebied heg, is namelik, 'n deel van die aardoppervlakte wat in een of ander opsig 'n samehangende geheel vorm. Ons moet die feit nie uit die oog verloor nie, dat hierdie gebied weer in fynere onderdele kan verdeel word. Wat betref die verbindings met die Kaapstad se hawe is die Pêrel-Wellington se gebied besonder gunstig geleë. Selfs die verste uithoek van die eenheid is nie meer dan 60 myl van die Hoofstad verwyder nie. Die gebied vorm 'n deel van die agterland van die Kaapstadse hawe.

#### Relief

Die bou van die Pêrel en Wellington se distrikte word gekenmerk deur drie verskynsels. Aan die oostekant het ons die Drakenstein-bergreeks wat in werklikheid 'n voortsetting van die Rivier-Sonderendberge is. Die Drakenstein bergreeks is die lokale naam waaronder die hele geplooid bergreeks bekend staan. 'N hele aantal punte in die berge bereik 'n hoogte van oor die 5000 voet bo seespieël. Aan die westekant vind ons die Simonsberg met 'n hoogte van 4770 voet bo seespieël. Tussen hierdie berge is geleë 'n laagliggende gedeelte wat ons as die Vallei van die Bergrivier beskou. Geïsoleerd in die sentrum van die gebied lê die Pêrelberg (Kaart No. 1).

Die oostelike grens van die gebied loop oor die Drakenstein-bergreeks van noord na suid heen en trag so ver moontlik om die waterskeiding, of die hoogste bergtoppe te volg. Hierdie grens skyn die ou oorspronklike een te wees wat bestaan het tussen die distrikte van Stellenbosch en Swellendam. Die grense van die streek is baie onreëlmatig omdat dit die plaasgrense volg, en ons kan die vorm van die gebied ruweg gesproke, beskou as die van 'n peer. Die Pêrel se distrik vorm die lyf en die Wellington se distrik die nek van die vrug. Die onderdele van die Drakensteinberge staan bekend as



die Blandskloof-, die Limiet-, Slanghoek-, Hawekwa-, Kleindrakenstein-, Hael-, Tierkloof-, Dwarsrivierkloof-, Wemmershoek-, Middellkrans-, en Franshoekberge.

Die streek vorm 'n natuurlike ingeslote kom, effektief van die binnelande afgesluit deur die Drakensteinberge. 'N paar breuke in hierdie muur verleen egter toegang tot die oostelike aangrensende distrikte. Deur die Wemmershoekberge gaan die Franshoekpas; tussen die Limiet- en die Slanghoekberge deur loop die Bainskloofpas. Deur Blandskloof En die Poort van Dutoitskloof strek daar ook 'n natuurlike deurgang maar geen rybare pad nie. Oor Helshoogte heen strek daar die pad wat die Pérel se distrik in direkte verbinding met Stellenbosch stel. Die paaie wat die eenheid met Kaapstad verbind kronkel oor 'n heuwelrug heen wat ons as die westelike grens van die gebied kan beskou.

Daar is min noemenswaardige gelykliggende gronde hier. Behalwe die gronde- wat op sy wydste sowat twee myl breed is-, aan beide oewers van die Bergrivier, is die res van die landskap erg heuwelagtig. Ons kan al dadelik in 'n dergelyke landskap verwag, dat die aantal woninge wat op 'n gelyke geleë is, na verhouding van die totale aantal woninge baie gering sal wees.

#### Geologiese-Formasies'

Waar ons die Geologiese-formasies van die streek in verband met hierdie studie gaan bestudeer, moet ons rekening met verskynsele hou, alleen in sover dit bydra tot 'n verklaring van bestaande toestande in verband met die menslike woonplekke. In die landskap, soos ons dit beskrywe is daar wel 'n verband. Die Geologiese-formasies gee aanleiding tot vorming van verskillende grondsoorte, wat weer op hul beurt die vrugbaarheid van die bodem asook die aard van die werksaamhede bepaal.

Die Geologiese struktuur van die Pérel-Wellingtonse streek, soos blyk uit Kaart No 2, is uiters eenvoudig. Vier formasies word hier verteenwoordig naamlik die Malmesbury Serie, die Tafelberg-Sisteem en die indringsele van jongereGraniet en die Frans-



hoek lae.

Die Malmesbury Serie bestaan oorwegend uit leie. Van-  
daar dat die gronde afkomstig van hierdie formasie nie so armlik  
aan kalk is, as die gronde in die res van die streek nie. Hierdie  
formasie is baie sterk geplooi in 'n noord-westelike rigting in die  
suid-westelike distrikte van die Kaapprovinsie. Die graanbou afdel-  
ing van die Pêrel-Wellington se streek is uitgestrek oor die heuwel-  
agtige Malmesbury formasie.

By Perdeberg, Pêrel-, Simons-, Franshoek-, Kleindra-  
kenstein-, en Groenberg vind ons dat ontsaglike massas graniet mag-  
ma opgewerk het, en in groot stroke deurbreek het in die Malmesbury  
leie en Tafelberg sandsteen. Met die opstoot van die magma is laas-  
genoemde twee formasies deels weggestoot en deels ingevreet deur die  
graniet. Die simmetriese graniet indring, wat die Pêrelberg laat  
ontstaan het is sowat tien myl in 'n noord-suid rigting uitgestrek.  
Op die berg verskyn daar enkele uitstaande kaal ronde granietblokke  
soos Pêrel-, Gordons-, en Brittaniaklip.

Aan die suid-oostelike helling van die Poort van Du-  
toitskloof is geleë die ou Mangaanmyn. Hierdie metaalrif is sinds  
1883, na 'n proef van 'n paar jaar nie meer ontgin nie. Weens die  
hoë transportkoste en moeilikhede daaraan verbonde om die terrein  
van die rif te bereik, is dit onbetalend gevind om die myn te ont-  
wikkel. Die Mangaanrif is gevorm tydens die afkoeling en uitkristali-  
seering van die graniet magma. Die bestanddele wat die laaste vloei-  
baar gebly het word uitgepers tussen die aangroeiende kristalle uit  
en vind hulle weg opwaarts langs afkoelingsbarste. Op hierdie manier  
ontstaan kwartsare met verskeie minerale en metaalerts. Ons kan aan-  
neem dat op 'n dergelyke wyse die Mangaanerts van hierdie distrik  
gevorm is.

Nadat die Malmesbury Serie in die Pêrel-Wellington se  
eenheid neergelê is, en die graniet massas ingedring het, is die twee  
formasies saamgeplooi tot bergreeks. Daarna het 'n langdurige tyd-  
perk van erosie ingetree. Die verweeringsproses het die grootste ge-



deelte van die Onder-Paleosiokum in beslag geneem. Die formasies is toe afgewerk tot 'n gelyke vlakte waarop sedimentasie, omtrent teen die einde van die Siluur begin het. Die resultaat van die wisselwerking is dat ons vandag vind dat die onderste lae van die Tafelberg-sandklip orals rus op 'n gelykgewerkte vlak van Malmesbury leie en graniet.

Die Tafelberg-sandklip bestaan vir die grootste gedeelte uit sandklip. Dit vorm die plocings of liewers kettingsgebergte van die streek en bereik sy wydste uitgestrektheid in die Wemmershoekberge. Soos aangetoon op die Geologiesekaart kom daar 'n aantal verskuiwings in die streek voor.

Alleen op enkele punte in die Franshoek-Vallei verskyn daar 'n formasie wat bekend staan onder die naam van die Franshoek-lae. Dit is 'n konglomeraat wat ook speelklippe bevat bestaande uit latere graniet. Die formasie is dus heelwat later as die Malmesbury bedde neergelê, en ook na die intrusiewe graniet, omdat laasgenoemde toe reeds deur erosie blootgelê was. Hierdie Franshoek-lae is egter van 'n hoër ouderdom as die van die Tafelberg sandklip.

Ten laaste kan ons nog net noem die oppervlakte afsettings wat die laagste liggende dele van die Bergrivier-Vallei in beslag neem. Die formasie is te danke aan die werking van die Bergrivier en sy takriviere. As gevolg van die verweringskrag van lopende water, dra die rivier 'n vrag materiaal mee. Sodra die krag van die rivier nou verminder, word daar gevorm 'n afsetting van klippe, gruis, sand en ten laaste slik. Die gedeponeerde materiaal wat strek vanaf die oorsprong van die Bergrivier in die Franshoekberge, tot noord van die Pérel bestaan uit waaisand, gruis, oppervlaktekwartsiete, alluviale-slik en resente kalkklip. Hierdie afsettings het in hoofsaak hulle oorsprong aan die Malmesbury, graniet en Tafelberg-sandklip formasies te danke.

Uit latere uiteensettinge sal blyk dat die gedeelte, wat op die Geologiese-kaart as Tafelberg-sandsteen aangedui word die onvrugbaarste is en die dunste bevolking dra. Dit verweer



tot die onvrugbaarste gronde in die streek. Daar kom egter wel kleiagtige bande in die sandklip voor wat beter grondsoorte gee. Die Malmesbury leie en graniet lewer al 'n beter grondsoort as eersgenoemde formasie. Natuurlik gee die spoelgronde langs die riviere nog 'n beter opbrengs, terwyl die vrugbaarste gronde die is, geleë in die sone waar die graniet massas en Malmesbury leie in kontak kom.

### Grondsoorte<sup>2</sup>

Naas die invloed van die klimaat op die verbouing van sekere produkte kan ons die uitwerking van die grondsoorte noem. Nie alleen die soort van produkte wat gekweek word nie, maar ook die variëteit is in 'n groot mate afhanklik van die grondvrugbaarheid.

Voldoende data in verband met die distribusie van die grondsoorte in die Pêrel-Wellington se streek is nie te verkry nie. In die verslagboek as 'n hulp vir boere in Suid-Afrika word wel opmerkings gemaak oor die grondsoorte. Die is egter van so 'n vae aard dat dit nie van veel Geografiese belang of betekenis is nie. Die opmerkings dien slegs om aan te toon die afwisseling in grondsoorte op korte afstand en die gevaar wat daar is deur te veralgemeen.

Die Skeikundige Afdeling van die Landbou Departement bestempel die grondsoorte van die Pêrel-Wellington se gebied as die van 'n Winter reënvalstreek, arm aan fosfaat. Vir die meerendeel is die grond ligbruin en sanderig. Groot streke bruin vaal en geelagtige leemgronde kom ook voor, asook gruis en ouklip. Baie van die gronde is uiters uitgeloog en baie arm aan plantvoedsel.

Om 'n oorsigtelike verslag van die grondsoorte van die streek te gee is 'n onmoontlike taak vir 'n Geograaf. 'n Landbou-gemiekus kan alleen die ondersoek instel. Aangesien die streek in hoofsaak een is wat sig besighou met landbou moet ons 'n poging maak om iets te meld oor die distribusie van die verskillende grondsoorte. Die vrugbaarheid van die grond op korte afstand is sterk uiteenlopend. Een boer van wie die plaas sewentien more groot is verklaar dat daar vyf- en-dertig grondsoorte op sy eiendom aanwesig is.

Die gronde uit die Franshoek se wyk bestaan uit

<sup>2</sup> Volgens Juritz--Agricultural Soils of the Cape Colony.



groux Graniet grond en 'n geel kleiagtige grond wat 'n goeie waterkapasiteit het. Die plante daarop geplant weerstaan die droë maande beter as die gekweek op eersgenoemde gronde. Te Grootdrakenstein is die sandsteen nie so oorwegend as in die Franshoek afdeling nie. Die plek daarvan word ingeneem deur graniet gronde. Soos in eersgenoemde afdeling word veral alluviale spoelgronde langs die Berg en Dwarsrivier aangetref.

Die gronde van die Agterpêrel, Paardeberg, Hermon, en Bergrivier afdelings is hoofsaaklik afkomstig van die Malmesbury leie. Dit het dan ook 'n hoër persentasie kalk en fosfate, dan die gronde van die vorige genoemde wyke. Hoe verder ons noord-weswaarts die wyke ingaan des te meer word die grond sanderig. Aan die westehelling van die Pêrelberg asook te Paardeberg vind ons die gronde afkomstig van die intrusiewe graniet. Die gronde op die heuwels is ryker aan plantvoedsel dan die van laer liggende gedeeltes. Hawer op die heuwels gesaai weerstaan ook beter die aanvalle van roes.

Granietgronde is oorwegend in Noordepêrel, die Munisipaliteit van die Pêrel, Kleindrakenstein en Daljosephat. Namate die graniet verdere prosesse van verwerking deurgaen sal daar 'n verandering in die samestelling van hierdie gronde aangetref word.

In die Bloulei afdeling vind ons 'n growwe turfgrond wat meer kalk bevat as enige ander gronde in die omtrek. 'N algemene verskynsel is ook die "dooie turf" wat minder vrugbaar as die ander gronde is. Ons kan hierdie verskynsel waarskynlik toeskryf aan fisiese oorsake liewers dan aan verskille in gemiese samestelling. Die "dooie turf" is styf en meer kleiagtig dan die ander turf gronde. Dit bevat ook meer water en word ten spyte van sy swart kleur gou koud.

Die grond van die Bovlei en Groenberg is 'n koue grond met 'n kleiagtige ondergrond. Die wynstok aard goed daarop en skyn nie onderhewig te wees aan soveel plantsiektes as die, gekweek op alluviale spoelgronde nie. Die helling gronde bestaan uit 'n fyn vrugbare klei wat uitgewas het uit die grond. Die klei is saamgestel uit klei gemeng met organiese stof, afkomstig uit die aanwesige plante.



-dele; een nadeel is dat die grond so koud is. In die Groenberg se streek is daar sommige gronde waarop die plante in die droë seisoen verdor, terwyl in ander die plante, veral die koring, baie aan roes ly. Die gars, omdat dit 'n geharde plant is, is meer bestand teen die siekte.

As 'n samevatting kan ons die volgende konklusies uiteen sit. Die Pêrel-Wellington se gronde is armlik aan sekere bestanddele soos kalk, potas, fosforiese oksiedes, terwyl die hoeveelheid aanwesige nitrate normaal is. Van al die gronde bespreek is die van die Bovlei die rykste aan potas; daarna volg Agterpêrel en Paardeberg se gronde, terwyl Franshoek die armlikste aan hierdie bestanddele is. Die gronde van Franshoek, Grootdrakenstein en suid-westelike Agterpêrel is die rykste bedien van nitrate. Die noord-westelike gedeelte van die Wellingtonse distrik is veral gekomposeer uit aluminium silikaat en ontbreek alle plantvoedsel bestanddele daaruit.

#### Klimaat

Die Pêrel-Wellington se eenheid geniet 'n winter reënval. 75% van die reënval word in die maande van April tot September ontvang. Die neerslag in die somer maande Oktober tot Maart is 25% van die jaarlikse totaal ontvang. Die reënval is in hoofsaak van 'n orografiese en sikloniese tiepe. Die verskynsel skyn in noue verband te staan met die noordwaarts verskuiwing van die suidelike gematigde strook van lae lugdruk gedurende die winter maande. In die somer rus die strook van lae lugdruk op die oseaan ten suide van die Unie.

'N gebrek wat baie gevoel word is die algemene gebrek aan vertroubare klimatologiese data aangaande die klimaat van die Pêrel en Wellington. Die klimatologiese gegewens waaroor ons beskik soos uiteengesit in die "Rainfall Normals" is in hoofsaak die resultate van gegewens deur private individue ingesamel. Die hoeveelheid reënval ontvang, vermeerder geleidelik vanaf die noord-westelike uithoek in 'n suidelike en oostelike rigting, terwyl die hoogste reënval tussen die berge self aangetref word. Die reënval neem in



dieselfde rigting toe as wat die landskap hoër word. Plaaslik word dit ons verseker dat die reënval te Wemmershoek sowat 200 duim is terwyl die te Robertsvlei sowat 100 duim bedra. Vir die res van die streek wissel die reënval af van 22.15 duim tot 75. 86 duim.

In verband met die temperatuur van die streek is daar wel 'n paar syfers verkrybaar. Maar gegewens omtrent die aantal sonskyn dae, betreklike lugvogtigheid en lugbeweginge, soos winde ontbreek heeltemal.

Die Pérel-Wellington se gebied het 'n Mediterrane klimaat, koue natte winters met oorheersende noord-weste winde en warm droë somers met heersende suid-ooste winde. Deur die nabyheid van die Indiese en Atlantiese Oseane aan die suid en weskus van die Unie, het die see 'n matigende invloed op die temperatuur van die streek. Daar sal wel 'n groot verskil wees in die relatiewe vogtigheid namate ons van laer na hoër liggende dele gaan.

In die Verslag van die Departement van Besproeiing word die volgende drie voorbeelde aangehaal. Dittoon aan hoe min die temperatuur onderling verskil.

Gemiddelde maandelikse	Grootdrakenstein	Keerweder	Wellington
Tempratuur F	540'	836'	305'
Jan.	72.0	70.4	73.4
Feb	73.1	70.8	74.0
Maart	69.9	67.0	72.0
April	64.3	62.8	64.2
Mei	61.4	60.6	58.8
Junie	52.8	52.4	54.6
Julie	54.1	53.5	53.2
Aug.	54.7	53.0	55.1
Sept.	55.2	52.6	57.6
Okt.	61.7	60.0	63.1
Nov.	63.0	61.5	66.8
Des.	69.8	67.4	71.6
Jaarlikse gemiddelijke	62.7	61.6	63.6



Deurdat die hoogste reënval saamval met die periode van laagste sonbestraling, is die verdamping nie so groot nie. 'N groot gedeelte van die vog word in die vorm van grondwater bewaar. In die somer maande wanneer so te se geen reën val nie en die plante baie water nodig het, is die opgestoorde water van ontsaglike veel nut.

---



## IV. METODE VAN ONDERSOEK.

Met die aanvang van my onderseekingswerk in verband met die verbreiding van die menslike woonplekke oor die Pêrel - en Wellington se distrikte was dit my eerstens te doen om 'n kaart van die hele afdeling te verkry waarop ek my verdere studies kon baseer. Die beste verkrybare kaart van die streek is die Distrikskaart gepubliseer in 1922 op 'n skaal van 200 Kaapse Reede op die duim of 2.13 Engelse duime op die myl. Vir die grootte van die skaal is die kaart uiters gebrekkig. Veel meer detail kon daarop aangebring gewees het. Op baie plekke is daar feute in die kaart en gee dit gladnie 'n juiste interpretasie van toestand van die oppervlakte soos dit toe reeds bestaan het en bekend was.

Die distrikskaart gee aan die paaienet, die rivierstelsel en die plan van die plase soos dit oorspronklik uitgereik is. Nou is baie van hierdie plase reeds verdeel in soveel as 8 - 10 dele, selfs stukke van die een plaas is afverkoop aan naburige plase. Wat die ligging van die verskillende plase betref sowel as die benaming is die kaart heeltemal onvertroubaar in hierdie opsig.

Die aangegeede paaienet is ook geensins juis nie. Ou trekpaai wat 'n geslag gelede al reeds nie meer in gebruik is nie, word ook nog op die kaart afgemerk. In vroëere dae toe die boere nog wel baie slagvee in hulle besit gehad het wat hulle langs die trekpaai na die gesamentlike weidings - gewoonlik 'n hele ent van hulle plase verwyderd - laat ja het was hierdie trekpaai 'n noodsaaklikheid. Reeds lank gelede is hierdie ou paai afgeskaf en die gronde wat nutteloos gelê het uitgereik aan die naburige plase. Nóg tans gee die kaart hierdie weë aan.

Volgens dieselfde metode is aangedui op die kaart die private paai wat nie onder die beheer van die Afdelingsraad val nie, sowel as die private paai en servituutspaai wat in onbruik geraak het. Dergelyke klein puntjies maak dit uiters moeilik om steeds bestaande private weë te herken in die landskap. Eertydse private paai wat deur die Afdelingsraad ook nou



verserg word, word ook nie anderskei nie.

Die vertroubaarste weënet is die hoofweë of publieke Paaie wat onder die bestuur van die afdelings raad val; hulle is ook nie altyd juist nie daar baie van hul verlé geword is.

Waar ons nou die paaienet in 'n dergelyke studie oor die bevolking van node het om die ligging van wonings te bepaal staan ons voor 'n onoorkoomlike moeilikheid. Die plaaslike magistraat verseker my dat weëns die gebreke waaraan die distrikskaart mank gaan, hulle werkzaamhede baie bemoeilik word, daar hul gladnie seker is waar die mense woonagtig is nie. Waar ek toe in die landskap rond gegaan het, het, ek, sover dit alleen deur waarneming moontlik was, getrag om die ligging te verseker en die paaie terug te vind, asook om uit te vind waar foute bestaan.

Wat betref die voorstelling van die rivierstelsel ~~be-~~aangegee op die distrikskaart, kan daarop net soveel kritiek uitgeoefen word as op die voorstelling van die paaienet. 'N groot aantal klein riviértjies word aangedui wat nie rivierlope is nie maar slegs klowe in die berge. Dit skyn asof die opmeters wat die kaart opgetrek het van mening was dat elke kloof in beslag geneem word deur 'n rivier. 'N mooi voorbeeld van hierdie verkeerde opvatting het ons in die Veldkornetskap van Klein-drakenstein waar 'n riviértjie bo op 'n rug van die berg loop. Ander syriviértjies aangedui is slegs slote gemaak deur die boere om hulle drinkwater na die huise aan te voer of om die oortollige water uit hulle landerye, gedurende die wintermaande te voer. Dan ook gee die distrikskaart nie altyd die plek aan waar die takriviere met die hoofriviere verbind word nie. Ons kan hierdie verskynsel alleen toeskryf aan 'n gebrek aan voldoende kennis omtrent die loop van die syriviere. 'N gebrek wat spruit uit 'n onvoldoende opmeting en oorsig van die gebied.

Behalwe in die enkele geval van vleie in die nabyheid van die Bergrivier dink ek nie dat daar riviere in die streek gevind word wat 'n ondergrondse verbinding met die hoofriviere staan nie. Die streek soos geblyk het uit die verslag van die Geologiese struktuur en die grondsoorte is nie ryk aan kalk nie, sodat



ondergrondse dreinerings onwaarskynlik is. Dus waar ons ons posisie ten opsigte van die rivierlope en paaienets wou gaan bepaal, is die distrikskaart baie verwarrend. Die bepaling van die ligging van die wonings is dus maar na benadering juis.

Maar bo alles het ek die feit betreur dat daar nie 'n kontoerkaart van die streek bestaan nie. Nuttige wenke wat ek uit 'n dergelyke kaart kon getrek het was nie tot my beskikking nie; ek moes maar in hoofsaak op eie inisiatief te werk gegaan het. As ek toegang tot vertroubare kaarte materiaal gehad het, sou my studie heelwat makliker gewees het. Waar ek my ook al in die twee distrikte beweeg het, het ek getrag om deur middel van 'n barometer die hoogte van die bebouing bo seespieël vas te stel. Daar ek in die meeste gevalle slegs eenmaal die hoogte kon waarneem, en nie meer geleendheid gehad het om die resultate te kontroleer nie sal hierdie gegewens ook maar naasteby vertroubaar wees.

Daar die grense van die verskillende wyke nie afgemerk was op die distrikskaart nie, het die magistraat van die Pêrel en Wellington, aan my die nodige inligting omtrent die verskillende afdelings verskaf. Allen deur die vriendelikheid van hierdie amptenare om my met die geskrewe gegewens te vertrou was ek in staat om die verskillende wyksgrense op die groot distrikskaart aan te bring.

Vir my eie gebruik het ek die groot distrikskaart verklein sodat die resultaat 'n kaartjie was op 'n skaal ses maal kleiner dan die van die oorspronklike kaart, naamlik 'n skaal van 1200 Kaapse Roede op die duim, of 4 duim op die myl. Op hierdie kaartjie as basis is al die ander kaarte van die distrik opgetrek. Op grond van die groot distrikskaart het ek ook twee kaarte opgestel, een van die paaienets en een van die rivierstelsel om sodoende na te gaan of daar enige duidelike verband bestaan tussen die digtheid, verbreiding en rangskikking van die menslike woonplekke en die paaie en riviere.



Van die afsonderlike wyke waarvan daar altesame drie- en- twintig is, uitsluitend die munisipale areas van Franshoek, Pêrel en Wellington, is ook ru kaarte oorgetrek. Hierdie kopeë het ek op my ekskursies mee geneem en besonderhede ingevul, wat later weer in net op die kleiner kaartjies oorgebring is. Daarna was die taak om in die Pêrel-Wellington se Streek rond te gaan en die bewoners te besoek om so doende 'n intieme kennis van die landskap te versamel.

Dank sy die welwillendheid en opoffering van my suster wat haarself en haar moter altyd tot my beskikking gestel het, asook deur behulp van ander welwillendes was ek in staat om aan die grootste gedeelte van die gebied persoonlik 'n besoek te bring, en eerstehand informasie in te samel. Die kopeë van die meegeneemde wykskaarte het ek goed gebruik van gemaak. Ten opsigte van die weë en riviere het ek toe so vermoontlik die woninge van beide blankes en nie-blankes ingevul. Waar veel onsekerheid omtrent die ligging van 'n woning ontstaan het, het ek gebruik gemaak van die sekstant om die posisie te bepaal. Dit was egter nie altyd moontlik om gebruik van hierdie instrument te maak nie, veral daar waar 'n woning omring is deur 'n groot aantal bome, wat die weg versper. Nog 'n moeilikheid by die gebruik van die sekstant is ondervind deurdat ek onbekend is met die koppe waarop die triangulasiestasies was, soos vasgelê op die distrikskaart.

Waar die woonhuise in die nabyheid, of onmiddelik langs 'n weg geleë is, kon ek hulle ligging naasteby bepaal deur middel van die afstand per moter vanuit 'n vasgestelde punt afgelê, waar te neem. Hierdie metode is wel nie wetenskaplik juis nie, maar waar die tyd tot ons beskikking beperk is, en ons nie elke induiduele woning kon besoek nie, moes hierdie metode maar dien. Daarby kom nog dat waar ons die voorstelling van die verbreiding van die mense, op 'n kaart met 'n skaal van .4 duim per myl gaan gee, is die fout al so klein, dat die fout in die ligging van sommige woninge nalatig



is. Vir die res moes ek maar die posisie van enkele woninge skat, waarvan dit heeltemal onmoontlik is om te verklaar dat die ligging presies is.

Deur gemiddeld ag of nee boere uit elke wyk te besoek -daar is natuurlik wyke waar ek amper al die boere besoek het, en te ondervra, het ek kennis gemaak met wat in hoofsaak hul werkzaamhede is. Dit val ons dadelik op dat die psigologiese element dikwels 'n verneme rol in die streek speel. Ons kry die verskynsel dat een boer dieselfde produkte as sy buurman verbou, Sonder om homself af te vra of sy grondsoorte en die ligging van sy gronde <sup>geskik</sup> is vir die soort en variteit. Dan ook vind ons dat een boer gewoonlik net soveel van sy bure se boerdery, en werkshamhede weet, as wat hy op hoogte van sy eie handeling is. Die vooruitstrewende boer hou homself altyd op hoogte van wat aangaan in sy omgewing sodat waar moontlik hy verbeterings op sy eiendom kan teweeg bring. Sonder om die afsonderlike boere te besoek kon ek so inligting omtrent hul plase inwin. Vir die orige moes ek maar my oë gebruik om op te let of sekere verskynsele sig wel voordoen, en die rede daarvoor. Waar ek my ookal begeef het om informasie in te saamel was ek altyd met die grootste vriendelikheid ontvang. Nooit was dit te veel moeite vir die boere om hulle werkzaamhede op die plaas te verlaat en so goed as wat in hulle vermoë was my nuuskierige vrae te beantwoord.

#### Optrek van die Kaarte.

Nadat ek al die materiaal versamel het en die aantal woninge in die verskillende wyke afsonderlik bepaal het was dit my taak om kaarte op te trek wat 'n juiste voorstelling of beeld sou gee van die digtheid, verspreiding en rangskikking van die wonings van die blanke en nie-blanke bevolking van die landskap. Die gebruikte manier van notering is die stippelmetode, waar elke stippel 'n sekere aantal mense voor-



stel. Op die Blanke-Bevolking-Kaart verteenwoordig elke stippel 5 blankes. Omdat daar veel meer nie-blankes op die platteland as blankes is, het ek by die optrek van die Nie-Blankes-Bevolkings-Kaart elke stippel 6 nie-blankes laat voorstel.

Op die klein skaal waarvolgens my kaarte is kon ek nie die bevolking van die Munisipale areas op dieselfde manier as die van die platteland voorstel nie, sonder om verwarring en onduidelikheid te veroorsaak. Ek het dit egter nie heeltemal buite berekening gelaat nie, maar deur 'n ander kleur 'n groter aantal bewoners per stippel aangedui. Die verbreiding van die bevolking in die munisipale areas het ek toe op afsonderlike kaarte op 'n skaal van 2.13 duim op die myl uiteen gesit.

Die magistrate van die Pêrel en Wellington het my van die blanke bevolkings getalle van die afsonderlike wyke, soos geblêk het uit die sensus opname van 1931. In Februarie van daardie jaar moes daar 'n sensus gehou geword het van beide blankes en nie-blankes. Jammer is dit dus dat by wyse van besparing die Regering toe net 'n telling van die blanke bevolking ingestel het. Die syfers van die nie-blanke bevolking vir die afsonderlike wyke is nie verkrybaar nie. Die kaart van die nie-blanke bevolking berus op die syfers van die totale nie-blanke bevolking, soos dit bereken is uit die van die laaste sensus opname in 1921. Die syfers vir die nie-blankes soos verkry in 1921 was abnormaal klein weens die groot aantal sterfgevallen gedurende die griep-epedemie van 1918. Die totaal bereken vir 1931 is dus te klein. My kaart in verband met die verbreiding van die nie-blankes is slegs by benadering juis. In die gevalle waar ek die plase besoek het kon die boere my naasteby sê hoeveel nie-blankes of huisgesinne op hulle gronde woonagtig is. Waar die kamertjies of huisies geleë is kon ek nie altyd bepaal nie.



Volgens die opgawe van die aantal bewoonde plase en ander woninge van belasbare waarde soos aangegee deur die Pêrel-Wellington se Afdelingsraad vir die afsonderlike wyke, kon ek naasteby vasstel of die aantal woninge, wat ek in die afsonderlike gedeeltes bepaal het juis was. Volgens gedane proewe asook deur die aantal woninge onder die totaal blankes te verdeel het ek gevind dat ons 'n gemiddelde van vyf siele per huisgesin kon aanneem. Alleen in die geval van die bosbou nedersetting en in een gedeelte van die Groenberg afdeling was die gemiddelde per huisgesin hoër as die gemiddelde, naamlik ses.

So kon ons aan elke blanke huisgesin van vyf 'n stippel op die kaart vir blankes toegeken het. Dit was veral die geval in die vrugte en wynbou gedeelte van die gebied. Waar die gemiddelde per huisgesin veel hoër was as vyf - wat veral die geval in die graanbou streke was -, is dit nie omdat hierdie persone groter huisgesinne het nie. Die verskynsel is te verklaar uit die feit dat die meeste graanboere 'n bywoner of 'n kneg met 'n huisgesin, wat die boer met sy boerdery behulpzaam is, op sy grond woonagtig het. In dergelyke gevalle het ek eenvoudig nog 'n stippel op die plaas toegeken. Waar ek nie al die plase afsonderlik besoek het nie, was die probleem om uit te vind op welke plase daar wel bywoner-gesinne is. Anders sou ons 'n verkeerde beeld van die verbreding van die blanke bevolking gekry het. Waar die tweede stippel dan nie juis die plek aandui waar die bywoner of kneg se huis geleë is nie, maak dit nie soseer saak nie. Ons is geregtig om die stippel te plaas in die bepaalde omgewing waar die afsonderlike persone hul lewensbestaan maak.

Wat betref die Nie-blanke Bevolkings Kaart het ons vir die platteland aangeneem 'n skema waar elke stippel ses nie-blankes verteenwoordig. Die aantal kinders per nie-blanke huisgesin is gewoonlik veel meer as per blanke huis-



gesin. Daarteen het ons die verskynsel dat die sterftesyfers onder die nie-blankes ontsglik hoër is weens hulle lae lewenspeil en ensanitêre lewensteestande. Waar ons nou aanneem ses nie-blankes per huisgesin is ons neg aan die lae kant.

Wat betref die kaarte van die munisipale areas het ons elke huisgesin van vyf blankes deur een stippel laat verteenwoordig. Daar is wyke- veral die dele in beslag geneem deur die armste inwoners waar die aantal bewoners per huis sewat sewe of ag is, terwyl in ander gedeeltes die aantal per gesin maar sewat vier bedra. Op die kaart van die nie-blanke derpsbewoners verteenwoordig elke stippel 16 persone.

Wat ons dadelik opval by 'n betragting van die bevolkings syfers is dat beide die blanke en kleurling derpsbewoners byna tweemaal soveel is as die wat sig op die platteland besig hou. Die Pêrel-Wellington se streek kan ons egtergeensins as 'n industriële sentrum beskou nie. Die area in beslag geneem deur die plattelandse bewoners is veel groter dan die van die munisipaliteite. Die oppervlakte van die gesamentlike munisipaliteite van Pêrel, Wellington en Franshoek is sewat 34.15 vierkante myle, terwyl die plattelandse area 583.85 vierkante myle is.

Die optrek van die kaart wat aangee die verdeling van bergland, vlakland en heuwelland, het ons voor 'n ander probleem te staan gebring. Waar mees ons die grens tussen hierdie drie verskynsele trek? As ons 'n kenteer-kaart gehad het ken ons 'n sekere hoogte vasgestel het as skeidings lyn. Meet ons die veetheuwels van die berge byreken tot die bergland of tot die heuwellandskap. Die gedeelte op die kaart bestempel as vlakland is geensins gelyk nie. Maar na verheuding van die hoogte van die heuwels in die heuwellandskap kan ons dit as gelyk beskou. Waar die helling van die berg besonders steil begin word het ek toe getrag om die grens van die berg-



landte trek en die veetheuwels tot die heuwellandskap gerek-  
en.

Die beskrywing wat die vorm van boerdery weergee  
prebeer alleen om die indruk te verwek van wat heersaak in  
die verskillende afdelings is . In die hele vrugte wynbou af-  
deling is die verbeuing van die wynstek heersaak, maar wissel  
die tweede belangrikste produk van wyk tot wyk onderling sterk  
af. Onmeentlik is dit om juis te bepaal waar die oergangs-  
grense loop.

As 'n bydrae tot die verduideliking van die Blan-  
ke-Bevolkings Kaart kan ons die getalle van die blanke bewon-  
ers vir die verskillende wyke volgens die sensus van 1931 aan-  
haal.

In die distrik van die Perel.

Veldkernetskaps van Franshoek - Wyk I - 828,	II 360		
Grootdrakenstein -	III 166	IV 78	V 213
Eniel -	VI 9		
Lanquedoc -	VII 19		
Agterperel -	VIII 236	IX 235	
Paardeberg -	X 236		
Neerderperel -	XI 135		
Daljosephat -	XII 206		
Kleindrakenstein -	XIII 380	XIV 97	
Munisipale area van Franshoek -	XV 589		
Perel -	XVI 8336	enderverdeel in	
(a) 396	(b) 256	(c) 332	(d) 958
(e) 566	(f) 238	(g) 295	(h) 541
(i) 1124	(j) 763	(k) 780	(l) 547
(m) 380	(n) 9	(o) 564	(p) 21



In die distrik van Wellington.

Veldkernetskaps van die Blouvllei - Wyk - XVII	211		
Bevlei -	XVIII	192	
Bergrivier -	XIX	355	XX64
Greenberg -	XXI	337	XXII 87
Hermen -	XXIII	97	XXIV 95
Munisipale area van Wellington -	XXV	2863	Onderverdeel
	(a)	1120	(b) 961 (c) 718 (d) 64

Die syfers vir die gekleurde bevolking is as volg:-

Munisipale area van die Pêrel	9680
Franshoek	500
Wellington	4800
Op platteland Pêrel se distrik	8920
Wellington	1305

---



V. DIE GEOGRAFIESE ORIENTEERING VAN DIE VERBREIDING  
VAN DIE MENSLIKE WOONPLEKKE.

In 'n dergelyke uiteensetting is dit ennoentlik om al die versamelde gegewens waar te gee, daar baie daarvan geen betrekking het op die werklike studie nie. Al die materiaal wat vir my belangrik geskyn het, het ek uitgesif.

Die Pêrel - Wellington se streek beslaan 'n area van 618 vierkante myle waarvan 400 in die Pêrel en 218 in die Wellington se distrik is. Van hierdie totale oppervlakte is slegs 168.6 vierkante myle bebou. In hierdie streek is daar onderskeidelik vier faktore te vind wat die digtheid, verspreiding en rangskikking van die menslike woninge bepaal, te wete die reliëf, die water, plantegroei, en ten laaste maar nie minder belangrik nie het ons die werking van die mens self. Dikwels, al te dikwels, hang dit baie van die perseenlike aanleg af, asook van sy kapitaal krag of 'n perseen - in 'n gemeenskap van landbouers-sy bestaan uit 'n sekere deel van die landskap kan put.

Die Invloed van die Verme van die Aardkers.

Soos reeds gemeld bestaan daar geen kenteer-kaart van die streek nie en was dit ennoentlik om 'n kartografiese voorstelling van die reliëf te gee. 'n Skematiese voorstelling is wel gegee in Kaart No I. Die hoogte klasifisering wat ons kan volg is volgens die eie ontwerfde Kaart No III.

- (i) Hoë gebergtes en gebergteland waarin enkele punte 'n hoogte van oer die 5000 voet bereik.
- (ii) Die veer heuwels van die berge, sowel as die heuwel-landskap.
- (iii) Vlakkeland of gelykeland.

Op 'n groot afstand skyn die hellinge van die berge nie baie steil te wees nie. Maar nadere ondersoek bewys dat hierdie indruk feutief is. Die berge in die streek rys almal



skielik omhoog en is die hellinge baie steil. Dit maak dat die relatiewe hoogteverskil tussen die berglandskap en die aangrensende dele seveel groter skyn te wees.

Dit is dikwels moeilik om 'n onderskeid te maak wat die meeste sy invloed laat geld by die bewerking van die grond, die onvrugbaarheid van die grond of die grootte van die helling. Vandag egter met die toename in die populariteit van die teëveeging van kunsmis, wat die grond produktiwiteit verhoog, kan ons aanneem dat die steilte van die helling die beperkende faktor is. Nie alleen verspeel die gronde erg gedurende die swaar reënval maande nie, maar maak die steilte van die helling, bewerking deur middel van trekdiers onmoontlik. Die arbeidskoste word so verhoog en regverdig die opbrengs nie die bewerking daarvan nie. Daar is ook nog vele ander laer liggende gronde in die streek wat kan bewerk word. Sies dit ons uit Kaart No IIIeerval, stem die dele wat geen bevolking het ooreen met die berge.

Tussen die gepleeide bergkettings ten ooste en suid-ooste van die streek is daar verskeie lengtedale. Geen peging is nog gemaak om hierdie dele te beset nie daar die verbinding met die res van die streek so moeilik is. Ook is dit onmoontlik om vee daar aan te hou op 'n kommersiële basis, weens die aanwesigheid van groot aantalle roofdiere, veral tiere, wat groot skade aanrig onder die veetroppe.

Die bevolking vermy dus die berge en soek hulle die heuwellandskap en vlakkeland op, waar hulle woninge opgerig het. Waar daar weninge in die heuwelagtige streek is, is die woninge in die meeste gevalle nie bevestig op die heuwels geleë nie maar teen die hellinge.

#### Die Water

Onder die geografiese elemente wat onmisbaar vir die menslike bestaan is, is water een van die vernaamste. Vir



die mens is die water van eersterangse ekonomiese waarde. Nog meer as steenkool of goud of ander minerale is water 'n vorm van rykdom. Geen pionier het nog ooit 'n huisie opgetrek nie, voordat hy nie oorweeg het of hy 'n voldoende voorraad water vir sy eie gebruik kan verkry nie. Selfs die nederigste skuiling in die heë berge is eerstens geleë in die nabyheid van 'n waterbron, of 'n lepende standhoudende stroompje water. Elke gemeenskap hetsy dorp of stad, waar daar 'n versameling van mense is, het sy probleme aangaande die voorsiening van 'n voldoende watervoorraad. Vir homself en sy vee het die beer drinkwater nodig. Vir die verbeuing van sy produkte meet die reënval teorekend wees vir die bewaring van genoegsame grondwater.

Die streek kan relatief gesproke, nie kla oor 'n gebrek aan 'n genoegsame watervoorraad nie. Die drinkwater gedurende die somermaande word soms wel 'n bietjie skaars, maar absolute afwesigheid van water is daar nooit, en kan ons nie praat van droogtes nie.

Daar skyn wel by nadere beskouing 'n ooreenkoms te bestaan tussen die hoeveelheid reënval en die digtheid van die bevolking. Die aantal menslike weninge vermeerder in dieselfde rigting as wat die reënval toeneem. Natuurlik is die hoogste reënval in die berge waar geen mense woonagtig is nie. Die gebergtes dien egter, gedurende die wintermaande, as 'n opvangsgebied van die reënwater. Van hier uit word die fonteine en riviere gedurende die somermaande gevoed. Opvallend is dat die meeste weninge geleë is in die nabyheid van standhoudende riviere of fonteine.

Voordat die sinking van boergate en windpompe in gebruik gekem het, het die beer vir sy wenig 'n ligging uitgekies vanwaar water maklik bereikbaar was. Fonteine word nie be op die top van 'n heuwel aangetref nie, maar gewoonlik aan die voet of teen die helling van 'n heegte. Vandaar dat baie



van die weninge geleë is teen een of ander helling.

En groot gebrek waaraan die riviere van die gebied mank gaan, is dat meeste van hulle, met die uitsending van 'n enkele een, slegs gedurende die wintermaande lopende water bevat. Gedurende die somer maande wanneer die beer die beste gebruik van die water sou kon maak, dreeg hulle op. In die winter stroom veel water nuttelees weg. Die opdreeging van die stroom is toe te skryf aan natuurlike oorsake, en nie aan die menslike inmenging nie. Behalwe vir drinkwater en in 'n enkele geval vir besproeiing bereef die beere in die reël nie die rivier sedanig van water dat hulle sal opdree nie.

Die hoofrivier van die streek is die Bergrivier wat sy oorsprong in die Bergrivierheek, in die Franshoek berge het. In sy gang noordwaarts word dit versterk deur die standhoudende riviere, naamlik die Franshoek-, Wemmershoek-, Dwars-, en Kromriviere.

Dat die Bergrivier en syriviere in vroeëre Geologiese tye oor die hele afgewerkte landskap gekrenkel het, word bewys uit speelklippe aangetref op gedeeltes wat veel hoër is as die bedding van die rivier. In die gedeelte aan die ooste-oewer van die Bergrivier wat lokaal bekendstaan as Switzerland vind ons 'n ou diep arm van die rivier. Alleen wanneer daar buitengewoon baie water in die Bergrivier is, is daar ook water in die ou arm. Dit is 'n bewys dat voorheen die Bergrivier veel nader aan die ooste-bergketting sy bedding gehad het. Aan die weste-kant van die rivier tussen Grootdrakensteinstasie en Suider-Pérel vind ons 'n duidelike terras. Dat dit die werking van die Dwarsrivier is, is meer waarskynlik. Die riviere ontsien geensinds die bewerkte landerye aan hulle oevers nie, en is nog steeds besig om hulle beddings wyer uit te vreet. Vandaar dan ook dat die beere wonings die onmiddellike walle nie opsoek nie, maar 'n hele ent daarvan verwyderd is.



Sekere dele aan die ooste oewers van die Bergrivier is laer liggender dan eereenstemmende dele op die weste-oewer. Wanneer die rivier gedurende die winter in vloed is en sy bedding verlaat, oerstroom hy sy oewers in hierdie afdelings. Groot areas van die landskap is dan in hierdie entrek uitgestrekte meeras en engenaakbaar. Dit is ook hier waar die rivier die meeste klippe en gruis afgeset het.

'N kenmerkende eienskap van die valleie van die takriviere van die Bergrivier is dat hulle almal in 'n suid-oostelike rigting strek. Hulle dien dan as trekgaate vir die suid-ooste wind wat veral gedurende die somermaande fel kan wees. Hierdie valleie het almal 'n steiler helling aan die noorde dan aan die suide kant; 'n verskynsel wat aandui een of ander verskuiwing.

Die oewers van die Bergrivier is begroei met populier, akker- en wildeamandelbome en ander hoë struikgewasse, soos palmiere. Die rivier is onbruikbaar vir waterverkeer. Nie alleen is die water hoeveelheid nie standvastig nie, maar ook is die rivier endiep, klipperig, en dig begroei. By al sy gebreke kom nog dat die val in voete per myl te groot is om bootverkeer meentlik te maak. In die loop van tien myl daal die bedding van die rivier meer as 57 voet. 'N rivier om geskik te wees as 'n water verkeersweg moet nie meer as 'n voet per myl val nie.

Daar die bedding van die Bergrivier 'n hele paar voet benede die ligging van die aangrensende landerye geleë is, word die landboukundige waarde van die water heelwat verminder. Die boere kan alleen die water gebruik deur dit uit te pomp of vere te maak verder suid waar die rivier hoër loop as hulle landerye. 'n paar boere kry dan saam hulle water uit so 'n gemeenskaplike veer.



### Die Plantegreei

In verband met hierdie faktor meet ons onderskeid maak tussen die uiterlyke rykdom aan plantegreei en die ekonomiese waarde daarvan. Ons meet derhalwe verskil maak tussen die natuurlike plantegreei en die kultuurplante. Eersgenoemde faktor word veral beheers deur die totale reënheerheid met die seisoen verdeling daarvan en die temperatuur as wysigende faktor. Die ekonomiese waarde van die natuurlike plantegreei hang alleenlik af van die rykdom aan voedsame plante en nie van die totale plantegreei nie.

Grasveld kom nie voor in die streek nie. Natuurlike begreei, behalwe in die natte bergklowe, <sup>Kom.</sup> ewemin voor. Struik-fermasies sterk afwisselend in samestelling en bruikbaarheid beheers die karakter van die landskap. Groot heerhede aangeplante bome word orals in die streek vandag aange-tref.

Ook hier het die mens in die loop van die tyd op allerlei wyse die natuurlike vegetasie vernietig en verander. Die teweeg gebringde omvorming is van groter omvang as wat ons uit die bevolkings-kaart sou verwag. Veldbrande het die meeste daartoe bygedra om die natuurlike plantegreei te vernietig. Die proteas of suikerbos wat eertyds so weelderig op die hange van die berge en op die vlaktes gegreei het - heer as 'n man se hoogte - is sedoende baie beskadig. Die gevolg is dat die indruk wat ons vandag van die landskap kry een is van 'n streek begreei met kort bossies en struik waar tussen bolplante verspreid groei. Die hange van die heuwels en berge word in beslag geneem deur heides en houtagtige bese.

Daar die grondsoorte so armlik aan plantvoedsel is, is die bedeling van die streek met natuurlike plantegreei nie so ryklik nie, en dra die landskap 'n ope karakter. Dit het die besetting deur blankes vergemakkelyk. Daar was geen digte ondeurdringbare houtbese om te verwyder voordat die settelaars hulle landerye kon aanlê nie. In die woudlandskap



van die Verenigde State is die plase geleë in skoongekapte geïsoleerde dele in die bosse. In die Pêrel-Wellington-se eenheid is die plase oeplygende aanmekeer grensende eenhede.

Behalwe vir gebruik as brandhout het die natuurlike plantegroei weinig of geen waarde vir die bevolking nie. Deurdad die plante se weinig voedings waarde het, is dit van betreklike geringe betekenis as veevoedsel. Waar die boere groot trosse vee aanhou moet hulle die diere self voed daar die beskikbare weiveld gewoonlik nie heel uitgestrek is nie, en ook nie geneegsame voedsel lewer nie.

Oor hierdie bossieswereld het by die aanvang van ons Suid-Afrikaanse Geskiedenis die Boesmans, wat 'n primitiewe jagtersvolk was, en die Hottentotte met hulle groot trosse vee geswerf. Hulle was geen gevestigde volk nie. Met die koms van die Europeane, het die bosse en vleie geleidelik begin ruimte maar vir die vrugtebome, wynstokke en graanlande. So is die honderde jare oue natuurlike plantegroei uitgeroei; vleie gedreineer en onder akkers gelê. Die oorspronklike plantekleed van hierdie afdeling is met die loop van die tyd heeltemal omvorm. Eers in die laaste paar jaar het die betekenis van bosbou sig aan die bewussyn van die mense begin opdring, waar vir 'n lange tyd intensiewe landbou die enigste vorm van beoefende landboubedryf was.

Alleen in die gevalle waar spesiale doelbewuste bosboukemas opgetrek is, is die digtheid verbreiding en rangskikking van die menslike woonplekke deur die houtbosse beïnvloed. Die geskiedenis van die kultuurplante is dan ook by uitnemendheid die geskiedenis van die bevolking van hierdie streek. Die landbou is toonaangewend oefen 'n onderlinge invloed uit op die ekonomiese, politieke en sosiale welsyn van die Geografiese groep.



Die Rol Wat Die Mens Speel.

As resultaat van die menslike werksaamhede het ons die huis. Sy eerste oerweging is om homself teen die elemente van die natuur te beskerm. Die woning dien ook as die punt vanwaar hy uitgaan om sy brood te win, hetsy op die landerye, kantoor of in die fabriek.

Die stelsel van verbreiding wat terug te vind is onder die bevolking van die Pêrel-Wellington-se streek kan ons as volg uiteen sit.

(i) Die plase of opstalle in lange rye, meestal in die nabyheid van water of langs 'n weg geleë.

(ii) Die plase onreëlmatig verspreid op heuwels of aan 'n helling, of aan 'n onreëlmatige weë- of waternet.

(iii) Die huise gegroepeer in dorpe of om een of ander belangrike punt.

In noue samehang met die geboue staan die weë, die omheininge en die landerye as produkte van die menslike optrede in die streek. Hierdie verskynsels kan ons almal saam groepeer onder die opskrif omvermde stof. Waar ek op basis van die deur my ontwerpe stippelkaart - wat die digtheid, verbreiding en rangskikking van die menslike woonplekke in die verskillende onderdele aangee - 'n uiteensetting gaan gee, is dit goed om daarop te let dat ons met kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe eienskappe te doen sal kry. Die kwalitatiewe onderskeid kom ten duidelikste tot uiting daar waar ons met mindere of meerdere welvarende boere en dorpsbewoners te doen het.

Na die blanke volkstelling van Februarie 1931, en die skatting van die nie-blanke bevolking van die gebied het die gesamentlike bevolking 49,287 siele bedra. Hiervan was 25,535 nie-blankes, waarvan 850 kaffers en 60 Asiate was. Die Kaapse-kleurlinge is die bekende gemengde ras wat ontstaan het uit 'n menging of verbastering van die Hottentotte met die eu slawe-, met die byvoeging van 'n sekere persentasie Europese bloed. Die ontstamde kaffers uit die kaffergebiede, wat veral



as arbeiders in die munisipale areas optree, is wat getalle betref, nie van betekenis nie. Dieselfde geld vir die geringe aantal koelies - Indiers of Asiate - die sig met winkelneering besig hou. Van die blanke bevolking is meer dan 50% Afrikaanssprekendes, afkomstig van die oorspronklike ou settelaars. Die getalle van ander nasionaliteite aanwesig is maar gering. Ons het dus hier na Suidafrikaanse opvatting maar 'n weinige ingewikkelde rasse probleem.

As ons in veëlvlug oor die Pêrel en Wellington se distrikte gaan sal ons in öenskeu kry die hele panorama van die bevolking en hulle werksaamhede. Ons salaanskeu talryke en gevarieerde geboue; 'n afwisselende boustruktuur; geboue met rooi panne, sinkplaat of riete bedek, wit en grys mure, van die nederigste pondokkie of sinkhutjie tot die versierlikste woninge en publieke geboue; grys teer, en asphalt paaie, rooi gruis en sand paaie; boorde en wingerde doen sig voor.

Waar ons uitgaan in die landskap, trek die geboue van die platteland dikwels weinig die aandag. (n verklaring hiervan vind ons eenmaal in die grootte verspreidheid van die woninge, andermaal deurdad bome die menslike woninge versteek of die gesig versper. Die verlate karakter van groot dele van die eenheid is te verklaar uit die ongunstige topografie wat besetting ontmoedig.

#### Die Paaienet

Uit die Geografiese oogpunt beskou is daar 'n noue assosiasie tussen die rangskikking van die huise en die weë. Hierdie verband is veel nouer in die dig bevolkte gedeeltes. Deur die besetting van die streek het die verwydering van die natuurlike plantegroei en die omvorming van die natuurlandskap in kultuurlandskap langs definitiewe lyne gegaan. Hierdie lyne was die hoofverkeersweg en die voedpaadjies. Om nou 'n insig in die verbreiding van die bevolking te kry, moet ons die dis-



tribusie van die paaient nagaan. Hierby kom nog dat die weë van belang is by die versameling en verspreiding van die produkte van die streek.

Die verkeersweë kan ons in drie groepe klassifiseer, te wete ; -

- (i) Primêreweë
- (ii) Sekondêreweë
- (iii) Tertiêrepaaie.

Die eerste groep is die vernaamste weë daar hulle die belangrikste verkeers-kanale is. Hierdie weë is aangedui op Kaart No VII met 'n rooi lyn. Dit is die Bainskloof-Kaapstad weg wat die munisipale areas van Pêrel en Wellington ooswaarts in direkte verbinding met die binnelande stel en weswaarts in aanraking met Kaapstad. Die weg - met die uitsondering van gedeeltes op Bainskloof - is geasphalt en vergemakkelyk dus veel meer die verkeer. Oor al die riviere wat die pad kruis is daar goed gekonstrueerde brûe, die vernaamste waarvan die HUGenotebrug is.

As sekondêre weë kan ons beskou, die waar rooi gruis die asphalt vervang. Hierdie weë is aangegee in rooi stipfels op die kaart. Die rooi gruis wat in oortellige hoeveelhede in die streek aanwesig is, lewer die materiaal vir die bou van hierdie weë. Die sekondêre weë staan in diens van die areas wat nie onmiddelik aan die hoofweg geleë is nie, maar wat 'n direkte toegang tot een of ander van die sentrums het. Vanselfsprekend is dat hulle van 'n laer gehalte is as die asphalt pad en maar al te dikwels regmaak hoogs van nede het. Hulle is of sinkplaatagtig of modderig. Waar riviere hierdie paaie kruis is hulle nie altyd voorsien van brûe nie.

Die slegste paaie aangetref is die wat ons as tertiêre weë bestempel het. Hulle val nie onder die administratiewe kontrole van die Afdelingsraad nie, soos in die geval van die primêre en sekondêre weë nie. Hulle dra die karakter



ter van private paaie. Die boere sê gesamentlik of afsonderlik vir die instandhou van hierdie paaie. Die wêre stel die afsonderlike wonings in verbinding met die primêre of sekondêre wêre, en strek dikwels nie verder as sekere plase nie. In die vrugte en wynbou gedeelte van die landskap is hierdie paaie in die reël nie in so 'n slegte toestand van reparasie nie. Die aangetref in die graanbou streek, waar die tertiêre paaie in hoofsaak sandpaaie is, is baie sleg. In die winter maande is die sandpaaie onrybaar. 'N mens kan nie per auto daarop beweeg nie sonder die gevaar om ver van hulp vas te val nie.

In die Verenigde State van Amerika vertoon die paaienet 'n skaakbord patroon. Maar die paaienet van die Pêrel-Wellington se streek gee ons 'n ingewikkelde beeld van rangskikking. 'n wetmatigheid in die verbreiding is nie terug te vind nie. Van 'n paaienet kan ons eintlik nie praat nie daar die paaie uitlopers het wat nie weer bymekaar kom nie. In 'n landstreek wat omring is deur berge is hierdie verskynsel nie verbasend nie. Vanself sprekend is dat waar die bevolking die digste is die aantal paaie ook soveel talryker is.

Die verkeersweg wat naas die primêre weg van hoof belang is, is die spoorweg. Die spoorweg verkeer kan ons beskou as 'n produk van die besetting van die streek en nie as 'n oorsaak van besetting nie. Die spoorweg in die streek is relatief gesproke 'n jonge verskynsel en dus volg die menslike woninge in die reël nie die strekking van die spoorlyn nie.

Die hooflyn wat die gebied bedien is die Kaapstad-Johannesburg se lyn, wat deur die sentrale gedeelte van die area noordwaarts strek. Vanaf Pêrel -Stasie reik daar 'n taklyn wat Franshoek met die hooflyn verbind. Op die hooflyn is geleë die stasies van Klapmuts, Pêrel, Hugenoet Wellington en Hermon. Terwyl tussen hierdie punte verskeidene haltes is namlk Daljosephat, Malan en Soetendal. Op die Franshoek se lyn wat maar sowat twintig myl lank is, is die vernaamste stasies Simondium, Grootdrakenstein en Franshoek. Tussen hierdie sta-



sies val weer die haltes van Cillie Lategan, Wemmershoek en La Motte. Deur die aanwesigheid van hierdie haltes word die onliggende beere die moeite en keste gespaar om hulle produkte na die hoofstasies te vervoer.





## VI. DIE PLATTELANDSE BEVOLKING.

Die Perel -Wellington-se streek kan op grond van die kultuur plante in twee duidelike onderskeidelike onderdele verdeel word, te wete

(i) Die Vrugte- Wynbou landskap

(ii) Die Graanbou afdeling.

Bersgenoemde omvat die Veldkornetskappe van Franshoek, Grootdrakenstein, Kleindrakenstein, Daljosephat Blouvllei, Bovlei en gedeeltes van die Agterperel Noorderperel en Greenberg afdelings. Die graanbou afdeling omvat die res van die streek.

### Die Vrugte - Wynbou Afdeling.

Die vrugte en wynbou onderdeel bevat die digste bevolking op 'n beperkte oppervlakte. Op die afhanklikheid van die verbreiding van die mens van die vrugbaarheid van die bodem, het ek reeds voorheen klem gelê. Veral het die alluviale streke aan die riviere, of in die klewe by uitnemendheid die akkerbou bedrywende bevolking aangelok. Die digste plattelandse bevolking van die streek is dan ook in hierdie alluviale gebiede gekonsentreer.

In die vrugte - wynbou streek vorm die plase, afgesien van hulle grootte almal afsonderlike eenhede. Die as waarem die hele plaaslewe draai, is die woonhuis en die buitegeboue, soos die keller, werksgeboue, stalle en krale. Hierom heen greepeer sig weer die landerye. Naas die oeweging van die ligging in die nabyheid van water is die plaashuis gewoonlik so geleë, dat alle bewerkbare dele van die plaas binne maklike bereikbare distansie is. Die groep geboue en die werf is dikwels omring deur 'n wit ringmuur of een of ander omheining. Dit is nie altyd dat die plaashuis na die kant van die publieke verbypad front nie. Die ligging van die woonhuis in verhouding



tot die hoofweg wissel sterk af. Meestal lê die gewel na die pad toe, terwyl die buitegeboue aan die agterkant of sye van die woonhuis geleë is. Nooit sal ons vind dat die primêre weg-, sekondêre en tertiêre weë wel -, oor die werf van 'n plaas strek nie.

Baie van die oudste wonings in die streek is nog die oorspronklike opstalle opgetoek deur die ou Hollandse en Hugenote koloniste. Hierdie ou geboue vertoon almal 'n vorm van boustruktuur eie aan hulle self, wat hulle onderskei van die ander later opgerigte woninge. Die vorm is die van 'n H T of + en almal het pragtige versierde gewels, ruim vertrekke en dik mure. Hulle is simbole van ruimte en vryheid. Die feit is te betreur dat baie van hierdie ou woninge, met hulle rietdakke deur die eienaars gemoderniseer is, waardeur die ou geboue hulle aantrekkingskrag en waarde as oudhede verloor het.

'N tiepiese eienskap van byna al die plase in die vrugte - wynbou gebied is dat die woninge deur 'n aantal eikebome omring is. Intensiewelandbou word in hierdie onderdeel van die landskap aangetref en is die plaashuise binne maklike bereikbare distansie van mekaar verwyder. Hier het ons in die uiterlike van die landskap 'n skerpe kontras tussen die winter en somer maande. Die jaarlikse ritmus laat sig ten duidelikste geld. ~~Die somer groene vorme van die landskap verwissel sig in die vaal kleure van die winter, veroorsaak deur die naakte bladwisselende bome.~~ Die somergroene vorme van die landskap verwissel sig in die vaal kleure van die winter, veroorsaak deur die naakte bladwisselende bome. Die indruk van verlatenheid word alleen hier en daar onderbreek deur 'n klempie naaldbome en blukombome. Telkens gedurende die wintermaande met intensiewe kou en grote reënval, is die toppe van die bergketting met sneeu bedek wat weldra weer onder die warme sonskyn wegsmelt.

Die dunste bevolkte gedeeltes-, met die uitsending van die berglandskap wat geen bevolking het nie -, is Bergrivierhoek, Wemmershoek Vallei, Ragelsfontein Uitspanning en die gedeelte op die ooste oewer van die Bergrivier bekend as Swit-



ersland en Tituskloof.

In die Bergrivierhoek is daar 'n groot uitgestrekte, byna gelyke oppervlakte waar geen plase geleë is nie. Die gronde alhier behoort nog alles aan die Regering. Die reënval daar is oor die 100 duim per jaar. Gedurende die wintermaande is die vallei in 'n versuippte toestand, een uitgestrekte moeras begroei deur fluitjiesriet. Te veel onkoste sal moet gemaak word by die dreïneering van die streek, vir die aanlê van landerye. Dan is dit nog twyfelagtig of die onderneming 'n sukses sal wees. Selfs in die dele waar die reënval slegs 31 duim per jaar is moet die boere hulle landerye dreïneer om te verhoed dat die wortels van die vrugtebome nie versuip nie.

Die Wemmershoekrivier Vallei gaan in 'n mindere mate aan dieselfde gebreke as eersgenoemde gebied.<sup>720nk.</sup> Die plase is nie groter dan in die res van die distrik nie. Die boere beoefen vrugte en wynbou en hou maar 'n geringe aantal beeste aan, asook slegs 'n klompie skape vir eie gebruik. Hoe verder ons in 'n suid-oostelike rigting die vallei ingaan des te kariger word die bestaan wat die boere daar maak; veral ondervind hulle veel las van die bobbejane. Deurdat die vallei so waterryk is het die boere gedurende die wintermaande veel moeite om in verbinding met die res van die distrik te bly. As die riviere vol is kan die mense nie deurkom nie. Iets wat baie seldsaam in die streek as 'n geheel is, word nog hier in Wemmershoek aangetref, naamlik die ossetrekke.

Die twee grootste plase in die Wemmershoek Vallei behoort aan die Munisipaliteit van Kaapstad en is 1334 en 1150 m<sup>2</sup> respektief groot. Die Stadsraad van Kaapstad het in 1910 hierdie gronde opgekoop, toe die plan bestaan het om die watervoorraad vir Kaapstad van alhier aan te voer. Die skema het egter in duie geval, toe dit geblyk het dat dit beter sou wees om die water van Steenbras te verkry. Die plase is vandag nog die eiendom van die Kaapstad se gemeenskap, maar hulle verhuur die grond.



Naas die gewone/eindomsplase bestaan daar in die Wemmershoek-Vallei teweete Sachareas Hoek 2392 m<sup>ê</sup>re grond wat die gesamentlikr weiding van die boere is. Daar hulle maar so min vae besit maak die inwoners maar min gebruik van die reg op hierdie gronde.

Aansluitend by die Wemmershoekrivier Vallei is die Switserland en Titus Kleef se gedeelte. Die plase is almal teen die helling van die Kleindrakensteinberge geleë, terwyl die gedeelte tussen die pad en die Bergrivier sonder enige bewoners is. Die gedeelte beslaan 'n area van oor die 1000 m<sup>ê</sup>re. Hiervan is die helfte met naaldbome beplant terwyl die res begroei is met hoe struikgewasse. Dit is 'n gedeelte van hierdie gebied wat die Bergrivier in die wintermaande oerstroom en meerassig maak. Daarby kom nog die gruid en sandformasie wat die gebied nutteloes maak vir die verbouing van landbou produkte.

Die Ragelsfontein area - tussen Grootdrakenstein en Simondium Stasie geleë - was eertyds 'n publieke uitspanning maar is toe lateraan opverdeel. Dit is 'n uitgestrekte suur sandvlakte, waarop nou 'n peging gemaak word om dit onder bebouing te bring. Die Rhodes' Vrugte Maatskappy laat nou die gedeelte wat aan hulle behoort skoonkap om te probeer om eksportdruie daar te plant. In 1931 - veel meer dan vandag die geval is - , was daar 'n versameling van kleurlinge weonagtig, wat hulle bestaan gemaak het deur as arbeiders van die emliggende boere op te tree.

Vir die res is die bevolking meer of min egalig versprei oor die vrugte - wynbou area. Van al die wyke waar die plase meer of min greepsgewyse versprei is, en baie naby mekaar geleë is, is die plase in die Franshoek se Afdeling die meeste gekonsentreer. Dit is nie verbasend nie daar van die kleinste plasies in die distrik hier aangetref word. Die grootste plaas is slegs 260 m<sup>ê</sup>re groot, terwyl die kleinste plasies 4 en 7 mere groot is. Meeste van hierdie plase het weinig of geen



berggrend nie. Daar ook hier die beere min grootvee aanhou, geen skape of bokke nie en alleen een of twee melkkoeie vir eie gebruik, is die berggrend maar van min waarde vir hulle. Die meeste berggrende behoort dan ook nog tot die eiendom van die Kreen. Die hoogste wat bebouing hier aangetref werd is 900 voet bo seespieël. Dit sluit natuurlik die besplantasies uit wat hoog teen die hellinge strek.

Die wyk waar volgens indruk, die aanste beereplase aangetref werd is in die Veldkernetskap van Daljosephat. Die plase is hier in die algemeen groter dan die aangetref in die Franshoek se Wyk en woon die mense ook meer verspreid. Die kleinste plase is slegs 9 m<sup>2</sup> groot terwyl die grootste 390 mere omvat. Hierdie plase sluit baie berggrend in, en is in die reël meer dan twee - derdes van die plaasgronde onbewerk. In die Franshoek Wyk waar die plase ook klein is, is die bewerking veel meer intensief en kan ons aanneem dat nege - tiendes van elke plaas bewerk is. 'N vergelyking van die valuasie van die plase in die wyke van Daljosephat en Franshoek teen aan die groot verskil in die geskatte waarde van die gronde. Die grootste plaas in eersgenoemde wyk by name Calais 390 m<sup>2</sup> groot is gevalueer vir £ 5450 en is die hoogste valuasie hier aangetref. In laasgenoemde wyk is die hoogste belasbare waarde £5975 vir die plaas La Prevance 75 m<sup>2</sup> groot. Hierdie waarde beklemtoon weer die intensiteit van bewerking sowel as die onvrugbaarheid van die berggrende.

In die Dal sees Daljosephat plaaslik bekend staan is daar drie beere wat elk sowat twintig koeie aanhou vir die voorsiening van melk aan die derpsbewoners van beide die Pérel en Wellington. Deur hierdie middel brei die beere die slegte opbrengs van hulle gronde uit.

Nadat 'n mens die plaas van Meneer Rossouw, geleë langs die pad wat na die Poort van Duteitskleef lei, verby is, strek daar op linkerhand van die pad of liewers ten noorde van



die kom wat die Dal vorm, 'n hoe steile bergrug. Aan die voet van die rug is daar 'n appelkees-beerd waar tussen in die bome donker groen bessies groei. Selfs die steile hellinge - waar geen vrugtebome aangetref werd nie - is bedek met lange rye van hierdie bessies. Dit is nie eenvoudig wilde bessies nie, maar die resultaat van die handarbeid van Meneer Meyer die eienaar van die Plaas Waterval. Hierdie plaas en die aangrensende een, verder in die kloof in geleë is die enigste in die Pérel - Wellington-se streek waar buchu (beegoe) op 'n kommersiele basis aangeplant is. Op hierdie hoogte ligging van 880 voet bo seepeel is die appelkeesboom maar 'n swak draer, terwyl die beegoeplant besonder goed aard op hierdie gronde. Dit is 'n plant wat gehard is teen ongunstige weerteestande namelik koue en die oostewind wat geweldig kan weed en ander plante deed waai. Die beegoe plant lewer ook eeste in die armlikste gronde, wat ongeskik is vir enige ander vorm van landbou -bedryf.

Die beegoe plant vereis egter veel handarbeid. Die helling waarep die plant geplant werd is so steil dat die grond nie met trekkiers kan bewerk werd nie. Jaarliks werd die beegoe-oes met 'n sekel afgesny, in bale gedruk van 450 pond elk en na die buitelande versend daar daar plaaslik amper geen aanvraag vir hierdie produk is nie. Die aanvraag vir die plant is maar klein daar alleen sommige dokters dit vir medisyne doeleindes gebruik. Op die mark behaal die beegoe maar 2 pennies per pond. Daar bestaan ook twee soorte beegoe, die een waarvan kommersieel meer waarde het as die ander. Die onkoste verbode aan die produksie van die plant werd nie deur die opbrengs daarvan regverdig nie.

Naas wynbou is koejawels en vye die beste betalende produkte van die dal, terwyl vrugte soos pere, perskes en pruime die tweede belangrikste in die Franshoek se Afdeling is.

In die Veldkernetskaps van Grootdrakenstein werd, naas wynbou, die kweking van perskes, pere citrus-vrugte en



aanwysing op 'n kommersiele basis beoefen. Die groot aantal persone in die omgewing van Simondium en Grootdrakenstein Stasie is te verklaar uit die groot aantal blankes werksaam op die plase van Meneer H. E. V. Pickstone, en die in die diens van die Rhodes' Vrugte Maatskappy. Hierdie persone is nie almal op die landerye werksaam nie; sommige van hulle hou hulself besig met kanteerwerk. In die onmiddellike nabyheid van Grootdrakenstein-Stasie is daar 'n lesieshuis waar al die ongetroude arbeiders sowat twintig in getal - van die Rhodes' Vrugte Maatskappy gehuisves is.

Die Rhodes' Fruit Farms Limited of R.F.F sees dit algemeen bekend staan, is <sup>in</sup> 1902 deur Cecil John Rhodes in die lewe geroep. Die elf plase vandag onder die beheer van die De Beers Maatskappy beslaan 'n area van 2942 m<sup>2</sup> met 'n belasbare waarde van £107,780. Van hierdie gronde, met die uitsondering van die berggronde van die plase Rhone, Goedhope en nuwedorp en die sandvlakte en bergdele van Werda, is al die ander gronde onder bebouing. Vyf van hierdie plase is uitsluitlik vrugte plase, waarvan die vrugte uitgevoer word of in hulle eie kenfytfabriek te Grootdrakenstein-Stasie onverm word in kenfyt of ingelegde vrugte. 'N gedeelte van die vrugte word ook aan die Pêrel se kenfytfabriek van Jones en Kie gelewer.

Die R.F.F. het hulle eie wynkelders. Spesiale deskundiges in hulle diens vervaardig swaar en ligte wyne. Behalwe 'n klein onderdeel plaaslik verhandel, word die res na buitelandse marke gestuur. Druive word nie geëksporteernie daar volgens hulle mening die gronde ongeskik is vir die verbouing van tafeldruive waarvoor daar 'n aanvraag op die Europese mark is. Daarby kom nog die vereiste dat hulle spesiaal moet ingerig wees vir die uitvoer van druive.

Die R.F.F. is die enigste voorbeeld in die hele Pêrel - Wellington se streek waar wyn en vrugtebeou deur 'n maatskappy op so 'n ekstentiewe skaal beoefen word. Of die be-



dryf kommersiële 'n sukses is baie te betwyfel. Sommige persone is van mening dat as dit nie was vir die De Beers Maatskappy, wat die hele onderneming finansiële steun nie, die plase uit hulle eie produksie opbrengs nie eers hulle arbeidskoste sou kon dek nie. Die plase wat onder die bestuur van die R.F.F in die distrikte van Wellington en Franshoek gestaan het, het hulle reeds sowat vier jaar gelede van die hand gesit.

Die individuele eienaar met die grootste grondbesit namelijk Meneer H.E.V. Pickstone, is ook woonagtig in die Grootdrakenstein Veldkernetskapskap. Hy is die eienaar van ses plase met 'n gesamentlike oppervlakte van 1014 mere, en 'n belasbare waarde van £64,375. Al die gronde wat nie met vrugtebome en wynstokke beplant is nie, het hy met naaldbome beplant en is daar reeds sowat twee miljoen bome aangeplant. Daar is geen aanvraag vir die hout nie, en verklaar die eienaar dat daar te veel onkoste aan verbode is om 'n eie saagmeul op te rig en om die hout te laat kap, sodat die besse geen inkomste lewer nie. Kommersiële is die besse 'n mislukking en net 'n lopende uitgawe vir die eienaar. Groot somme geld moet jaarliks gespandeer word aan arbeid om die besse teen brand te bewaak.

Een van sy plase gebruik Meneer Pickstone uitsluitlik vir die kweek van bome. Enige boomsoort of varieteit van vrugte en wynstokke is by hom verkrybaar, en sy boomkwekery is welbekend. Verder lê hy hom uitsluitlik toe op die produksie van pruime, pere, perskes en citrus vrugte vir die buitelandse mark. Alleen teen die helling van Simonsberg, waar die graniet gronde sig voordoende word 'n bietjie tafeldruiwe verbou. Daar is tien wit en vyftig kleurling families woonagtig op sy gronde.

Die plase in die Grootdrakenstein Afdeling is almal oor die sewentig mere groot en ons kan aanneem dat gemiddeld helfte van die gronde onder bebouing is. In die laaste paar jaar lê die boere hulle veral toe op vrugte vir die uitvoer mark, omdat hulle dit beter betalend vind. Die pryse be-



haal op die Kaapstadse mark is nie eers altyd geneeg om die onkoste verbonde aan die pluk van die vrugte te dek nie. Hulle sit die vrugte liewers om in vlees deur hulle varkens daarmee te voed, dan om dit na die plaaslike mark te stuur.

Heewel meeste van die Grootdrakenstein plase binne maklike bereikbare distansie van die Perel is, is daar geen enkele boer wat die dorp van melk voersien nie. Dit is omdat daar veel minder weiveld beskikbaar is dan in die Dal. Voorheen het die boere nog heelwat better geproduseer. Vandat die boere egter hulle onbebeude gronde laat toekamp het, is die weiveld sodanig verminder dat die aanhou van 'n paar keeie vir bettermaak doeleindes heeltemal onwingsgewend geword het. Die boere moet te veel kapitaal spandeer by die koop van kuilvoer.

Die noord-westelike gedeelte van die Grootdrakenstein onderdeel, in die omgewing van Klappmuts, vorm die oorgang gebied tussen die graanbou en vrugte - wynbou afdeling. Al dadelik word dit opmerklik dat die boere verder van mekaar verspreid woon. Sommige van die plase is naby 'n 1000<sup>m</sup>² more groot en die boere beoefen naas vrugte en wynbou ook graanbou. Appelpose aard hier besonders goed en word gebruik vir gedroogte appelpose sowel as vir konfyet.

Hierdie boere hou veel meer vee aan dan die in die reeds bespreekte afdelings. Die vee bestaan uit 'n groter aantal beeste, vir die maak van better, en trekesels vir die bewerking van hulle plantasies. Naas die grootvee hou hulle ook 'n hele aantal kleinvee soos skape en bokke aan vir slagdoeleindes. Gemiddeld is elke boer se trop kleinvee sowat 150. Word hierdie stapel te groot vir eie huislike gebruik word hulle van die hand gesit deur dit te verkoop aan slagters wat die diere vir die slagbank bestem. Daar die plase alhier in die oorgang sone groter is as die gemiddelde plase in die omtrek het meeste van die eienaars 'n wit bywoner wat hom met sy werksaamhede behulpsaam is.



nit is 'n uitsondering op die reël in die vrugte en wynbou afdeling van die Pêrel - Wellington se eenheid dat die boere 'n kneg het wat hulle behulpsaam is. Dit is alleen enkele van die welvarendste boere in die streek wat wel 'n kneg het, en dan is die gewoonlik 'n ongetroude perseon. In die meeste gevalle het die beer gewoonlik 'n groot seun wat hom as 'n hulp bystaan

Aansluitend by die oergangs sene van laasgenoemde afdeling is die plase van die Agterpêrelse afdeling, geleë aan die westelike helling van die Perelberg. Hierdie plase is gemiddeld 200 m<sup>2</sup> groot. Alleen 'n klein onderdeel van die plase is nie bewerk nie. Dit is die gronde geleë hoog op in die berg wat gebruik word as weiveld vir die treppe skape van sowat 200 stuks. Die grootvee bestaan uit 'n trek esels - 'n trek word gevoer deur tien esels ( muile ) of perde -, en 'n paar koeie. Die bergweiding is meer geskik vir kleinvee as vir grootvee. Die skape met hulle gesplete lippe, kan die kort bessies stomp afkoue, terwyl dit onmoontlik vir die beeste is. Bokke hou die boere nie aan nie, daar hulle beweer dat die diere die berggronde te veel uittrap. Met swaar reëns verspeel die gronde hoog teen die berg baie, slote word gevoer en so doende word die lande laer af teen die helling in gevaar gestel deurdat dit oerdeek word met onvrugbare grond.

Die hoogste wat die bebouing teen die westelike helling van die Pêrelberg gaan, is tot op 'n hoogte van 750 voet bo seespieël. Die hoogte verhinder geensins verdere bebouing nie, maar die grond word so klipperig dat bewerking alleen moontlik word deur die klippe met die hulp van dinamiet weg te skiet. Die gronde gebruik vir vrugte- en wynbou is geleë teen die helling van die berg asook op 'n gedeelte van die gronde aan die westekant van die publieke pad wat noordwaarts strek. Dit is die granietgronde afkomstig van die Pêrelberg wat vasgespeel het teen 'n duidelike heuwelrug. Hierdie



heuvel vorm 'n duidelike skeiding tussen die graanbou en vrugte - wynbou afdelings. By die plaas van Meneer Hoogstede kan 'n oos-wesskeiding getrek word. Van hierdie punt uit is al die gronde aangetref aan die westekant van die pad uitsluitlik met graan besaai, terwyl aan die bergkant nog enkele vr<sup>u</sup>te en wynbou landerye voorkom.

Die granietgronde in hierdie gedeelte is uitstekend vir die verbou van tafeldruiwe. Daar is egter nou eers 'n begin gemaak met die aanplanting van die vereiste soorte. Dit is gevind dat die druiwe aan die westelike helling van die Pêrelberg veertien dae later ryp word dan die verbou op die oostelike helling van die berg. Hierdie verskynsel is te verklaar uit die feit dat die westelik helling onder die direkte invloed van die seewinde staan, wat die somer temperatuur verlaag en sedoende die rypwording van die druiwe vertraag. Dit maak dat druiwe uit die res van die streek ge-eksporteer 'n voorsprong op hierdie druiwe op die buitelandse mark sal kry.

Diesselfde oergangs sone tussen die graan en vrugte-wynbou gebied kan ons onderskei by die Slet van die Pêrel, in die Noordelike Pêrel Afdeling en aan die voet van Groenberg. In die sentrum van die graanbou streek, aan die voet van die Paardeberg, word ook vrugte en wyn verbou.

Die komformasie van Kleindrakenstein, Wyk No XIII loop uit in drie kloue waarin die bebouing in die mees oos-liggende kleeftot op 'n hoogte van 820 voet bo seespieël gaan. Met die uitsondering van die paar plase wat berggronde ook omvat, is die plase gemiddeld sowat 30 m<sup>2</sup> groot, waarvan tweederdes onder vrugteboom of wingerd is. Die res van die plaasgronde is met houtbosse beplant. Naas die inkomste van die wingerde is, <sup>die</sup> stapel produk koejawels wat besonders goed skyn te aard. Daarnaas word ook nog appelkose en citrus vrugte ( nartjies lemoene en lemmetjies verbou ) terwyl pere en perskes nie so goed aard nie.



Te Kleindrakenstein hou die boere nie kleinvee aan nie. Die diere kry lamsiekte van sekere gewasse wat hulle op die berge vreet. Armoede aan fosfoor in die grond lei tot armoede in die plante en gevolglik te armoede aan die bestanddele in die diere. In die verswakte toestand eet die diere ook dikwels giftige plante en vrek dan. Daar is net een eienaar wat 'n steet van sestien opregte ingevoerde Jersey koeie het, wat gemiddeld 70 pond better in die week lewer. nie melk word na Kaapstad versend. Hy hou ook verslag van die afstamming van, en melkproduksie van elke koei. Hierdie prosedure is meer 'n uitsending dan die reel.

Die Veldkornetskappe van Blouvllei, Bevlei, en Greenberg kan ons as 'n eenheid beskou wat betref die soort van vrugte verbou. Die appelkoes is die tweede belangrikste produk. Wyn) en Appelkoesbou speel 'n gelyke rol in die streek. Pere, perskes en appels - met die uitsending van enkele bome vir eie gebruik - word hier gladnie aangetref nie. Naas die ongeschiktheid van die grondsoorte beweer hulle dat die strêk 'n somer temperatuur het wat te hoog is vir die verbou van hierdie vrugte soorte. Pruime aard egter goed en in die laaste ses jaar is 'n aanvang gemaak met die aanplanting van koejawels.

'N aantal plase word aangetref in die distrik van Wellington, waar op 'n groot skaal met lemoene geboer word. Twee van hierdie plase is oor 'n 1000 m<sup>2</sup> groot en is geleë aan die voet van Bainskloof, waar die citrusboerde op die alluviale speelgronde van die Kromrivier aangelê is. Drie van hierdie boere het 'n sindikaat gevorm vir die uitvoer van hulle lemoene.

Die plase van die drie begenoemde wyke is almal - met die uitsending van 'n paar onder die 20 m<sup>2</sup> groot -, oor die 40 m<sup>2</sup> groot. Met die uitsending van die berggronde is al die gronde beplant of met landbou produkte of met houtbessie. Hier word ook nog eienaars aangetref van troppe bokke van sowat 200 stuks. Hierdie kleinvee wei veral op die hellings van



Greenberg. Die bosse groei so ruig dat die boere die veld jaarliks moet laat skeenbrand om die borre in staat te stel om 'n bietjie voedsel te kry. Die veldbrande veroorsaak dat die water-voorraad van die boere laer af in die vallei gevaarlik skaars word.

Die bebeuwing in die Bevelei aangetref strek tot op 'n hoogte van 1500 voet bo seespieël en is dit die hoogste wat landerye bo seespieël in die Pêrel - Wellington se streek aangetref word. Die gronde op 'n hoër ligging as genoem is ook meentlik om te bewerk, daar die gronde, veral aan die helling van Groenberg nie so klipperig is as in die ander wyke nie. Jaarliks bewerk die boere meer en meer van hierdie gronde maar op se 'n ontsaglike hoogte skyn die druif die enigste vrug wat daar aard. Proewe met appelkose en amandels was 'n mislukking. Die gronde hier is ook baie onderhewig aan verspeelings. Die boere moet jaarliks groot somme geld spandeer in die beheerlike dreineering van die landerye, om te verhoed dat hulle nie verspeel nie.

Uit die Landbou en Veeteelt Produksie van 1929 - 1930 blyk dit dat die Pêrel - Wellington se streek eerstens 'n wynbou en tweedens 'n vrugtebou gebied is. Daar is 7521 mere met wingerdstekke beplant terwyl 7230 mere met vrugtebome beplant is. Waar die landerye hoog teen die helling van die berge aangetref word is dit opmerklik dat die gronde nie bedek is met boerde nie maar wel met graan. Hierdie graan gebruik die boere uitsluitlik vir veevoer.

Die sanderige leemgronde van die Pêrel - Wellington-se streek is van 'n middelmatige vrugbaarheid, warm en maklik dreineerbaar, daarom dat dit geskik is vir die verbou van perskes, nectarines, appelkose, pruime, kersies en druiwe. Die citrus vrug aard die beste op die diep alluviale gronde. Sees geblyk het uit die verslag gegee van die klimaatsteestande van die distrikte, is die besonders gunstig vir die verbou-



ing van die verskeie soorte vrugte. Die vernaamste kenmerke van die klimaat is 'n min afwisselende temperatuur, koel somers en warm winters, geneegsame reënval en 'n hoë betreklike vogtigheid in vergelyking met die binnelande van die Unie.

Somtyds is die rusperiode van die vrugtebome en wynstokke te kort. Lente temperature toestand, wanneer dit volg op die winterreën, spoor die bomsels sowel as die wortels tot hernude aktiwiteit aan. Wanneer lae temperature dan weer volg, word veel skade aan die vrugtebome en wingerde gedoen. Oormatige vogtigheid gedurende die blomtyd maak die stuifmeel so nat dat die insekte dit nie kan versprei nie. Die blommetjies val dan af sonder dat die vruggies gevorm is.  $\text{X}$

Die eeste van die appelkeesbome is baie wisselvallig hoewel die vrug nog tot op 'n hoogte van 700 voet te see speel nog suksesvol kan verbou word. Die streek is nie baie geskik vir citrusbome nie, daar die bome eintlik somer reënval vereis. Deurdat die vrugte ryp word gedurende die winter maande wanneer die aantal sonskyn dae nie so hoog is nie, is die kleur van die vrugte dikwels groenagtig terwyl die vrug in werklikheid al ryp is. Om hierdie gebrek te oorkom by die uitvoer van die vrugte word dit gekleur deur behulp van ethlene gas.

Voerheen het die verbouing van pere in die Pêrel-se distrik groot winste gelewer. Met die kodingmet peste van die laaste paar jare gaan al die winste egter verlore by die bestryding van die euvel. Die pruime en pruimedante betaal besonders goed. Hoewel die pryse op die mark behaal maar laag is, is die opbrengs per merg besonders hoog. Die enigste gedeelte van die Pêrel - Wellington-se eenheid waar appels goed aard is in die Wemmershoek Vallei. Hier is die somers koel geneeg daar in die res van die streek die appels maklik beskadig word deur die hoë somer temperature.

Slegs 66 mēre van die Pêrel - Wellington-se streek was in 1931 met Turkse tabak beplant. Sinds die beperkings



deur die maatskappy opgelê - weens die oerproduksie - mag die boere nie meer as een-derde van wat hulle voorheen verbeu het nou plant nie. In 1904 is die eerste proefnemings gedoen met Turkse tabak, ingeveer vanuit Griekeland, Turkye en Bulgarye. Sedert die tyd het die produksie so geweldig toegeneem dat daar vandag 'n hopelose oerproduksie is. Die Turkse tabakplant aard hier goed. Gedurende die pluktyd van die blare wat in die son gedroeg moet word, is die lugvogtigheid laag en word die blare gou dreeg. Die hele tabak produksie word aan die plaaslike Tabakfabriek gelewer.

Die grende aan die helling van Pêrelberg, wat te klipperig is vir die verbouing van tafeldruiwe, word gebruik vir die aanplanting van olyfbome. Die produksie van die olywe is maar 'n bysaak daar die olyfbome gedurig sorg en geskeelde arbeid vereis om 'n groot opbrengs daarvan te win. Wanneer die olywe ryp is word dit met stekke van die bome geslaan. Groot verliese word sedende gelei daar baie groen en halfryp olywe saam met die rypes afgeslaan word. Plaaslik word daar dan olyfolie van die vrugte vervaardig maar nie ingelê nie daar dit plaaslik nie 'n gewilde artikel is nie.

Daar die stapelprodukt van die Pêrel - Wellington se gebied wynbou is, verdien dit spesiale melding. Die Pêrel se distrik is dan ook die grootste wynproducent in die hele Unie van Suid-Afrika. Volgens die opgawes van die Landbou - statistieke van 1931 is daar in die Pêrel-se distrik 5504 m<sup>2</sup> beplant met wingerd, in Stellenbosch 4454 m<sup>2</sup>, in Wellington 2017 en in Tulbagh 849 m<sup>2</sup>.

Die wynstek is reeds in die jaar 1653 in die Kaap-kolonie ingeveer en geleidelik een van die aller belangrikste landboubedrywe van Suid-Afrika geword. Die vereistes wat die wynstek aan die klimaat stel vir suksesvolle bebouing is 'n gemiddelde jaar temperatuur van nie minder as 59°F en 'n somer temperatuur met 'n minimum van 68°F. Die gebied voldeën dan ook



uitstekend aan gunstige temperatuurs toestande waar die somer temperatuur in sommige gevalle oor die  $90^{\circ}$  F is. Die oormate van hitte ontvang bo die absolute vereiste aantal somerhitte grade veroorsaak die fermentasie van 'n baie hoë suiker persentasie in die druive. Die sterke en aanhoudende sonskyn gedurende die maande November tot Maart, die middelmatige reënval en lugvochtigheid is ook 'n voordeel.

Die druive word gebruik vir drie doeleindes, naamlik vir tafeldruive, vir die maak van wyn, brandewyn asyn en resyntjies. In al hierdie onderafdelings van die produkte van die wynstok oortref die produksie ver die aanvraag vir die voorsiening van plaaslike behoeftes. Vandag vorm dit een van die vernaamste items van uitvoer uit die distrik.

Die wingerde geplant op die laagliggende gronde lewer groter ooste en 'n groter wyneprens, dan ooreenstemmende wingerde aangeplant op hoër liggende gronde. Die leuere vir kwaliteit moet egter aan die helling wingerde gegee word. Druive vir eksport doeleindes vereis spesiale behandeling sowel as geskikte gronde. Die boere het hiervoor, veral waar hulle plase groot is, en hul hulle toelê op gemagde boerdery geen tyd nie. Ook is hulle gronde gewoonlik ongeskik. Die gedeelte wat dan ook welbekend is vir sy uitvoer druive vir tafeldoeleindes, is die plase geleë aan die oostelike helling van die Pêrelberg binne die munisipale area.

Die vrot granietgronde aan die berghelling lewer uitstekende gronde vir die verbou van tafeldruive. Daar die plase klein is, almal onder die twintig more, lê die eienaars hulle uitsluitelik toe op die verbouing van tafeldruive beide vir plaaslike sowel as buitelandse marke. Die gronde bevat die vereiste persentasie potas om 'n harde vrug te lewer; dit lê oop aan die eiggensde wat die druive 'n besonder goeie kleur gee; dit ook vroër laat ryp word as in die res van die streek. Die helling ligging maak dat die dreinerings van beide lug en



water beter is as in die aangrensende dele. Die gevolg is dat tafeldruiwe van 'n hoë gehalte kan geproduseer word. Nog 'n voordeel is die nabyheid van eersteklas stasies en 'n korte afstand van die Kaapstadse hawe. Die Pêrel se druiwe kom op die mark in England aan lank voordat daar enige kompetisie uit ons eie land of enige ander land gebied word.

Die boere stuur nie graag hulle druiwe na die binelandse marke nie omdat die so sleg georganiseer is. Sodra groot hoeveelhede vrugte aankom ontstaan daar gaas. Tweedens is die kompetisie so groot, dat die behaalde pryse baie laag is en die druiwe word onder produksie koste verkoop. 'N poging is wel gemaak om die distribusie van die druiwe in die Unie op 'n beter basis te organiseer. Sever het fondse nog ontbreek om die beraamde plan in werking te laat tree en om die gewenste wetgewing te verkry.

Die maak van ligte en swaar wyne deur die afsonderlike boere self, of deur die verskillende wynkelders neem die vernaamste plek in, in die distrikte. Die boere steek nie brandewyn nie omdat die belastings daarop so groot is. In 1917 toe die wyne sulke lae pryse behaal het is die Wynbouers-Vereniging, met hoofkwartiere aan die Pêrel, in die lewe geroep. Sinds die tyd het die maak van wyne groot verbeterings ondergaan veral vandat daar vyf jaar gelede begin is met die uitvoer van wyne na England. Dit was destyds 'n nuwe onderneming daar die boere toe nog nie bekend was met die verbeterde druifsoorte wat 'n beter en fyner gehalte wyn lewer nie.

Deur die toepassing van nuwe metodes by die wynmaak het dit geblyk, dat wyne hier vervaardig -, met die uitsondering van 'n paar soorte soos Rynse-wyne - in staat is om met die meeste Franse en Portugese wyne op die Europese mark te kompeteer. Die Port tiepes staan op 'n gelyke voet met die van Portugal en die Donau gebiede waar die wêreld bereemde Port-wyne geproduseer word. Selfs die brandewyn produksie.



is in seerre verbeter dat die plaaslike K.W.V. vandag die tender het vir die voorsiening van brandewyn aan die Londen- se hospitale. Deskundiges verklaar dat die geneeskundige waarde van die brandewyn hier geproduseer groter is as die Franse Cognac of Whisky daar dit meer esters bevat

Die boere hoewel hulle in die meeste gevalle genoegsame water het, lei nie hulle wingerde nat nie omdat die water persentasie van die druiwe te hoog word. By sommige bestaan die plan nou om hulle eksport druiwe nat te lei, daar die marke groter korrels vereis. Dan ook wanneer die wingerde eenmaal natgelei is moet dit aanhoudend natgelei word.

Kenmerkend vir die vrugte - wynbou streek is die aanplanting van windskerms om die landerye teen die winde te beskerm. Al die windskerms is aan die oostekant van die landerye in hoofsaak geplant, omdat die suid-ooste wind so heftig kan waai. Die tydperk van Oktober tot Maart wanneer genoemde wind so kwaai waai, is die meeste van die vrugtebome in volle drag. Veel skade word dan aangerig deurdat die vrugte groen of ryp van die bome geskud word, wingerd lote afgedraai en die sandkorrels opgegee wat die druiwetresse kneus. Die windbreke word nie aan die westekant van die landerye geplant nie. Gedurende die somer waai daar dikwels in die agtermiddae 'n keel weste windjie van die kant van die see. Hierdie wind verlaag die heersende hoe temperature en verhoed dat die vrugte en druiwe so erg verbrand.

'N ondersoek deur Meneer Kriel van Franshoek gedoen teen aan, dat wanneer die hitte eenhede laag is die aantal tonne vrugte vanaf Franshoek stasie versend soveel groter is. Die hitte eenhede het hy verkry deur die gemiddelde maandelikse temperatuur syfers vir een jaar periodes byeen te tel. Die resultaat van die ondersoek was as volg; -



<u>Jare</u>	<u>Hitte-eenhede</u>	<u>Tonne Vrugte</u>
1926 - '27	893	2142
1927 - 28	737	2742
1928 - 29	889	2126
1929 - 30	721	3186
1930 - 31	946	1572
1931 - 32	643	3384

Ons kan egter by die resultaat aanstip dat die verskynsel ook kan toegeskryf word aan die feit dat die boere meer of minder vrugte self verwerk het.

### Die Graanbou Gebied.

Die afdeling van die Perel en Wellington-se distrikte wat ons nie onder die vrugte - wynbou streek geklassifiseer het nie, omvat die graanbou streek. Dit sluit die Veldkerneskappe van Agterperel, Paardeberg, Bergrivier Greenberg en Hermon in. Opvallend uit die Blanke Bevolkings Kaart is dat die bevolking hier veel meer verspreid woon dan in die res van die eenheid, met die gevolg dat ons hier glad 'n ander tipe van landskap kan verwag. Dit is dan ook in werklikheid die geval.

Sover as die oog kan sien strek die graanlande sig uit oor die heuwels. Bome, selfs aangeplante bome is uiters skaars, en doen sig alleen in klein groepies voor. Die indruk wat die landskap wek is een van ruimte, daar die woonhuise so ver van mekaar geleë is. Die menslike woninge in hierdie graanbou gebied word gekenmerk deur onreëlmatige rangskikking hoewel baie reëlmatig verspreid is.

Voordat boergate en windpompe in die afdeling in gebruik gekom het, was die plase meestal aan die helling van die heuwels geleë. Sinds die laaste vyf- en - twintig jaar egter



is woonhuise selfs bo op die heuwels opgerig. Die nadele van laasgenoemde ligging is dat die aangrensende heuwels dan nie dien as windskerms nie. Die voordeel van die helling ligging bo die van huise geleë in die laagte is dat dit warmer is. Ons het te doen met inversie van temperatuur; die koue lug sak omhoog na die vallei bodem, terwyl die warmlug opstyg.

Elkeen van die plase het 'n groot dam of fontein op hulle gronde. Die damme dien as opvangskempe van die reënval. Maar gedurende die eiende van die somer dreeg hulle op en dan is die mense vir hulle drinkwater sowel as vir hulle vee afhanklik van die boergate. Die sierlike ou wonings van die vrugte - wynbou streek ontbreek heeltemal. Die gebrek aan woonhuise opgetrek volgens die ou Hollandse - Hugenote boustyl is te verklaar uit die feit, dat die graanstreek veel later dan die res van die streek beset is. Die boere het toe die kuns reeds verloor om aan die ou opstalle gestalte te gee, en die uiterlike van die plaashuise is baie eenvoudig.

Soos in die reeds bespreekte onderdeel van die distrikte is die woonhuis ook alhier die sentrum van die graan plaas. Die enigste bome op die plaas is die klempie blukom bome - akkerbome aard nie hier nie - wat die woonhuis omring, en diens doen as 'n windbreuk. Naas aan die huis het ons die veestalle, die reusagtige hooimied en die windpomp wat rustig draai met die ruisende windjie. Se kan ons maar aanneem dat elke uitstaande groen klempie bome die aanwesigheid van 'n plaashuis in die landskap verrai. Die aantal bewoners per vierkante myl is veel minder dan in die geval van die vrugte - wynbou afdeling. Die uiterlike van die plaasgeboue is nie altyd 'n toonbeeld van die welvaart van die eienaar, maar in die reël kan ons tog aanneem dat 'n voeruitstrewende boer altyd sal sorg dat sy geboue goed daaruit sien. Slorderige geboue in die graanbou gebieds is die uitsondering en nie die reël nie.

Die gewone plase wissel af van 'n grootte van 300



m<sup>o</sup>re tot 'n 1000 m<sup>o</sup>re. Behalwe die gedeelte van die plaas wat met opset enbeboud gelaat word as weiveld vir die skape en beeste is al die gronde onder bebouing. Slegs 25% van die eien- dom is nie bewerk nie. Elke graanboer hou 'n trop skape en bokke aan van sowat 350. stuks asook gemiddeld 30 tot 40 Fries- lander beeste. Die Jersey beeste lewer meer vet dan die Fries- lander beeste. Noctans hou die graanboere nie Jersey beeste aan nie omdat hulle soveel meer sorg as laasgenoemde beeste ver- eis. Die boere wat binne maklike bereik van stasies soos Klapmuts en Muldersvlei is stuur daaglik hulle melk na Kaapstad, ter- wyl die ander boere wat nie die gunstige ligging het nie, hulle melk in die vorm van botter van die hand sit.

Die graan word gesaai op gronde wat baie minder af- wissel in tekstuur, diepte, potensiele plantevoedsel en suur- heid as die meeste gronde waarop vrugtebome en wynstokke ge- plant kan word. Graanplante, veral koring put die grond baie uit sodat dit wenslik is om nie in twee opeenvolgende jare koring op dieselfde lande te saai nie. Die bewerkte lande nie besaai nie, is die braaklande. Die streek beantwoord besonders goed vir die verbouing van koring omdat die klimaat ideaal is. Die koringplant vereis 'n nat koel winter maar met byna geen of min ryp. Deurdad die streek oopl<sup>e</sup> aan die seeinfluede is die persentasie ryp wat val maar baie klein. Die Lente is ook nog relatief gesproke, koel en gaan dit geleidelik oor in 'n droe<sup>e</sup> warm periode wanneer die graan ryp word. By die gunstige kli- maatstoestande kom nog die heuwelagtigheid van die landskap. Dit is gunstig vir die natuurlike dreïneering van die landerye, maar terselfdertyd gelyk genoeg om die gebruik van masienarie en bewerking te vergemakkelyk.

Die graanplant gedurende sy gehele kringloop ver- eis 'n groot hoeveelheid menslike arbeid; ploeg, saai, oes en ders. Daar die graan hier op 'n groot skaal verbou word, is 'n groot aantal arbeiders per plaas 'n vereiste veral met oestyd.



Daar die bevolking van hierdie afdeling nie genoegsaam is nie vind daar 'n immigrasie van arbeidskragte uit die vrugte - wynbou streek plaas. Die oes en dorstyd val net voor en na die vrugteseisoen en parstyd respektief, sodat daar dan arbeiders te spaar is wat werk kan vind op die graanplase. Daar is maar 'n enkele boer wat die gebrek aan menslike arbeid aanvul deur meer doeltreffende maar dure masienerie.

Die hoogste liggende dele waarop graan in die streek verbou word is op 'n hoogte van 600 tot 700 voet bo seespieel. Dit wil geensins se dat graan nie op groter hoogte verbou kan word nie. In die Vrystaat word graan veral koring wat nie so 'n geharde plant is as hawer, rog of gars nie, op 'n hoogte van 5000 of 6000 voet bo seespieel verbou. Rog, gars en hawer kan gekweek word in baie skraal grond en onder baie ongunstige weersomstandighede. Die grootste hoogte waarop koring miskien nog ooit in die wêreld verbou is, is in Asie in die Himaliasgebergtes, op 'n hoogte van 11000 voet bo seespieel<sup>3</sup>

Die gemiddelde opbrengs per m<sup>2</sup> van graan alhier is veel laer dan die produksie behaal in die Verenigde State of in Kanada. Die lae opbrengs per m<sup>2</sup> moet toegeskryf word aan die onvrugbaarheid van die gronde, uitputting en die nalatigheid van die boere om die gronde voldoende te bemes. Voorheen het die afdeling nie gely aan 'n oorproduksie van koring nie maar laaste jaar het hulle met 'n groot hoeveelheid koring bly sit. Dit kom deurdad hulle veelmeer koring en minder hawer verbou. Volgens die ekstensiewe metode van produksie wat die boere hier volg is dit twyfelagtig of hulle op die wêreldmark sou kon kempeteer met die koring verbou in vrugbaarder gronde van ander lande, soos die Verenigde state, Kanada of Rusland.

Die streek ontvang somtyds die winterreënval laat en word die groeiperiode van die graan sodoende verkort. Maar die neerslag van die winter - maande het nog nooit met fatale resultate uitgebly nie. Ernstige droogtes in die winter is on-



bekend. Die gewone saaityd is van Mei tot Junie maar kom die reëns nou laat is daar sekere soorte graan wat nog in Julie kan gesaai word daar dit 'n seveel korter tyd vir rypwording nodig het. In die geheel het hawer 'n periode van drie weke nodig om ryp te word. Die res van die graan nie gebruik deur die boere self <sup>er</sup> vir inkuiling nie word aan die Pêrel en Wellington se koringmeule gelewer.

Met die uitsondering van 'n enkele boer wat 'n trakter besit gebruik die meeste boere maar trekdiere vir die bewerking van hulle landerye. Daar 'n esel(muil) 'n meer geharde dier is dan 'n perd, besit elke boer gewoonlik meer esels as perde. Met oestyd huur die boere gewoonlik 'n dorsmasien van een of ander maatskappy.

---



## VII. DIE VERBREIDING VAN DIE FLATTELANDSE NIE-BLANKES .

---

Wat die digtheid, verbreiding en rangskikking van die nie - blankes in die Perel - Wellington se eenheid betref is die Kaart No VI, soos reeds gemeld slegs na benadering juist. Daar die nie-blankes, byna uitsluitlik Kaapse-kleurlinge, ekonomies afhanklik is van die blanke bevolking, volg hulle verspreiding die van die blankes. Hulle getalle oortref egter ver die van die plattelandse blanke bevolking.

Die aantal kleurling huisgesinne op elke plaas aanwesig, wissel sterk af na gelang die mate van bebouing van die plaas is. Op sommige plase is daar soveel as sewentien huisgesinne, terwyl die aantal siele byna 'n 100 bedra; in ander gevalle is daar slegs een kleurling huisgesin op die plaas. Om 'n volkome voorstelling van die verbreiding van die kleurlinge - waar ek nie al die plase besoek het nie - <sup>te gee</sup> is onmoontlik.

Die beer voorsien die kleurling met 'n vrye woning, bestaande uit 'n eet en slaap vertrek. Die huisies of liewers kamertjies waarvan 'n hele aantal gewoonlik aanekaar gebou is, is van baksteen, maar sien daar maar bekrompe en onsindelik uit. Naas aan sy huisie het die kleurling gewoonlik 'n stukkie grond waarop hy groente kan verbou. Hierby kom nog dat die kleurlinge hulle brandhout verniet het en vry is om 'n vark en hoenders aan te hou.

Waar die kleurling plaasarbeiders gewoonlik 2/6 of 2/- per dag verdien en die enigste een is wat uit 'n huisgesin werksaam is, is dit byna 'n saak van onmoontlikheid om 'n vrou en vyf of ses kinders ook nog te voed en kleed. Die lewensstandaard van die kleurlinge is dan ook besonder laag. Ons kan egter aanneem, dat waar die kleurlinge ruim op die platteland woon, met die ope lug om hulle, hul algemene toestande beter is dan die van diegene in die kleurlingwyke van die dorpe.



Dikwels is in die dorpe meer as een huisgesin in 'n paar vertrekkies woonagtig.

In die vrugte-wynbou gebied is die volkskamertjies gewoonlik so geleë dat hulle beskut word deur bome of bosse, 'n hele ent verwyder van die plaas se opstal. In die koringbou streek is die huisies somar oop op die veld geleë. Die kleurlinge op die graanplase werksaam verdien sowat 2/- per dag daar die boere hulle ook nog voed.

ons het 'n sekere aantal stippels aan die kleurling bevolking toegeken volgens die verspreiding van die plase. Daarnaas mees ons ook nog stippels teken aan die - net soos in die geval van die blankes - wat woonagtig is in die nabyheid van 'n kleurlingskool of witmans -winkeltjie. In die graanbou dele is daar nie wykskole vir die kleurlinge nie, soos wel die geval in die vrugte - wynbou streek is.

Naas hierdie plattelandse rangskikking van die nie-blankes volgens die individuele plase, kry ons ook nog plattelandse groeps verspreiding. As dergelyke versamelings kan ons opneem Pniel, Lanquedoc, Klippiesdal en Newtown.

In 1843 het Meneer Hooff, Retief, deVilliers en Mergenhoudt die oorspronklike gronde gekoop en die sendingstasie van Pniel gestig. Sinds die tyd het meer en meer kleurlinge hulle om die Sendingstasie gegroep. Mettertyd het daar aan weerskante van die pad wat na Helshoogte en Stellenbosch lei, 'n kleurling dorpie van sowat 250 huisgesinne ontstaan.

Geen blankes word toegelaat om grond te Pniel as eiendom te besit nie. Alleen kleurlinge van die Kaapse tiepe kan daar grond besit. In die volle sin van die woord besit geen kleurling grond nie. Geen een het 'n aparte kaart of transport of eiendomstietel van die grond nie. Die gronde is geregistreer in die naam van die trustees as die gesamentlike eiendom van die gemeenskap. Pniel het 'n eg plattelandse karakter en is die grootste afsonderlike plases slegs 4 mēre groot.



Daar is byna geen skema terug te vind by die rangskikking van die huisies nie. Ons kan daar geen dorpsplan vind nie. Aan die westekant is die steile helling van Simonsberg en aan die suidekant die bedding van die Dwarsrivier. Aan die noordekant is die eiendomme van die R.F.F sedat die dorpie alleen suidwaarts kan uitbrei.

Aan die hoof van die Instituut van Pniel staan 'n ge-ordene Protestantse Leeraar, die ook Superintendent van die plek en bestuurder van die skool is. Dan is daar ook 'n Raad van Opsigters wat oor alle tydelike belange van die Instituut beheer het. Die Gowerneur Generaal stel self iemand aan wat ex-officio voersitter van die Raad is., Daar is nou nie eers meer 'n resident sendeling te Pniel nie. Geen sendeling kan dit lank daar uithou nie, omdat die kleurlinge so moeilik is om te beheer, die lewe baie onaangenaam maak en die rus van sy gemeed versteer.

Die meeste inwoners van Pniel is tuiniere. Hulle koop ook vrugte op by die beere, of vis in Valsbaai, en karwei dit dan na die naburige dorpe. Baie van hulle werk op die aangrensende plase, maar woon in Pniel. Daar is 'n klompie wat hulleself as vakmanne beskou soos leedgieters en timmermanne. Baie van hulle woon dan nie te Pniel nie maar verhuur hulle huise na goedkeuring van die Raad. verkry is. 'N hele aantal is werksaam te Kaapstad en keer alleen met die naweke na Pniel terug.

Sowat twee myl suid-oos van Pniel tref ons die kleurling gemeenskap van Lanquedoc aan. In 1904 het wyle Cecil Rhodes die gronde beskikbaar gestel vir die bou van kleurling-huisies. Vandag nog is die grootste gedeelte van die kleurlinge wat op die R.F.F plase werksaam is alhier woonagtig.

'N derde konsentrasie van kleurlinge is in die kleurling lokasie, plaaslik bekend as Klippiesdaal. Hier onmiddelik buite die grense van die Pêrel se Munisipaliteit, op die



Kleindrakenstein pad, bevind 'n groot aantal kaffers sig ook. Die kleurlinghuisies is oor 'n groot area versprei, en volgens skatting moet daar sowat tagtig huisgesinne woonagtig wees. Ekonomies is hierdie kleurlinge afhanklik van die omliggende boere en naburige derpsbewoners vir hulle lewensbestaan. Van bogenoemde drie kleurling gemeenskappe is die huisies almal van baksteen gebou en met sinkplaat bedek. Die indruk van onnetheid en armoede ontbreek geensinds nie.

Betreunswaardig en soos 'n klat op die omringende landskap, staan die uiting van die werksaamhede van die kleurling versameling te Newtown. Newtown is geleë op die grens tussen die Perel en Wellington se distrikte. Die versameling van blik sinkplaat en klei huisies vorm 'n totaal van sowat 90. Die naam Blikkiesdorp sal pasliker wees as die naam Newtown. Hoe hierdie misvernde huisies die elemente van die natuur kan weerstaan en kan dien as menslike skuiling, is 'n wonder, die verklaring waarvan my begrip te bowe gaan. Die area waareoor hierdie huisies versprei is nie meer as twee more nie.

---



## VIIIDIE BOSPLANTASIE NEERSETTING.

---

Veordat ons oergaan tot 'n bespreking van die stads of liewers dorpsbewoners, moet ons spesiale aandag wy aan die Bosplantasie of liewers Armbanke neersetting in die afdeling van Franshoek. Ons kan hierdie nedersetting groepeer onder die groeps-gewyse bewoning maar eintlik val dit onder die bespreking van die platteland, daar hierdie arbeiders - blankes - hulle bestaan uit die grond maak.

Die huisies van hierdie nedersetting is in drie groepies verdeel, tewete die te Lamotte wat in hoofsaak al langs die Robertsrivier verspreid woon, die op Robertsvlei, en die te <sup>Driefontein</sup> ~~Robertsvlei~~. Die aantal famielies is as volg verdeel:-

Lamotte 33

Robertsvlei 18

Driefontein 24

Totaal 75 famielies.

Altesame is daar 303 kinders en gee dit ons 'n totale getal van 453 persone. Dit sluit uit die gesinne van diegene aan die hoof van die neersetting. Die aantal per huisgesin is dus 6, 'n gemiddelde hoër dan in die res van die streek.

Hierdie Bosbouneersetting is 'n poging van die Regering om die armbanke vraagstuk in ons land gedeeltelik op te los. Andersins is dit 'n poging om bosaanplanting aan te moedig op die gronde, wat vir geen ander produkte geskik is nie. Die blankes wat hulle as arbeiders op die neersetting wil kom vestig moet werklik baie beheeftig wees. Hulle deen dan gewoonlik skriftelik aansoek by die naaste Poskantoor of by een van die Bosbouneersettings- kantore te Kaapstad, Kimberley, Johannesburg, Breterea of Durban. Van die applikante word die uitgesoek wat medies geskik is om swaar werk te doen, die uitgesoekte persone word dan deur die Arbeids Departement hierheen gestuur. Slegs applikante uit die Kaapkolonie vind hier in die neersetting in die distrik 'n tuiste, Applikante uit die ander Provin-



sies word na die Transvaal of Natal gestuur. Elke famielie word voersien van 'n nette huisie, bestaande uit sowat vyf vertrekkies.

Van die aantal kinders is 180 op die plaaslike skole terwyl 25 op ander skole as leerlinge is. Die kinders word nadat hulle standaard ses passeer het na Huisheid-, Landbou-, en Ambagsskole gestuur, om later bekwame en nuttige burgers van die land te word. Daar is reeds van die kinders wat baie goeie posisies in die samelewing beklee. Die Arbeiders Departement moedig veral die opvoeding van die kinders aan, omdat hulle dit as die beste manier beskou om die Armblanke vraagstuk op te los.

Die mans doen al die werk seos die grond ~~op~~ ompik bome plant, skoffel snoei en uitdun. Hierdie soort werk was voorheen meestal deur kaffers gedoen. Waar nou doen die blankes uitsluitlik hierdie werk en hulle doen dit uitstekend. Die vrouens moet alle huiswerk self doen daar kleurlinge - behalwe in baie spesiale gevalle - nie in die neersetting toegelaat word nie. Hierdie metode is om die mense te leer om selfstandig te wees en ook dat daar nie so iets as "kafferwerk" is nie. Arbeid adell

Vanaf die neersetting te Lamotte strek daar duisende en duisende mere Kreengrend wat nog binne die Pêrel se distrik val. Meeste van hierdie grende is nuttelese berggrende. Slegs 5000 mere is geskik vir die aanplanting van bome. Hiervan sal nog in die loop van die tyd 'n groot gedeelte beplant word, terwyl tien miljoen bome reeds aangeplant is. Die hout is veral bestemd vir boudeeleindes asook vir planke. Daar word nou bome aangeplant waarvan die hout gebruik sal word as planke, vir vrugtekissies sowel as vir allerlei fyn houtwerk. Die bome aangeplant is in hoofsaak naaldbome.

Langs die Robertsrivier is dit wel moentlik om met vrugte te boer, maar die Regering ag dit meer geskik om



daar bosse aan te plant. Die hout kan hulle kontroleer terwyl dit moeilik in die geval van vrugtebeerdery is. Met vrugte word daar dus op 'n baie klein skaal gewerk. 'N man wat homself besig hou met handewerk in die berge kan nie nog 'n beerdery ook aanhou nie. Elke settelaar word verplig om 'n greentetuin te bewerk vir huislike gebruik en dit gaan kliphard om dit te doen. Die man is van seweur voormiddag tot seweur namiddag uit en tuis en het hy geen spaartyd vir vrugte beerdery nie. Die houtbosse vereis al sy aandag.

Die plan bestaan om in die Poort van Dutsitskleef 'n dergelyke bosbouneerssetting te stig. Die Regering het al reeds 'n aanvang daarmee gemaak en is hulle besig om die grond skeen te kap.

---



## IX. DIE DUIDELIKE GROEPSBEBOUING.

---

Derpe en "townships" in die Pêrel - Wellington se eenheid aangetref is te Hermon, Wellington, Pêrel, Klapmuts, Lamotte en Franshoek. Hier is beide blankes en nie-blankes gekonsentreer. Die versameling van menslike woninge dra elkeen 'n karakter eie aan sigself. Elk het sy bestaan te danke aan een of ander belangrike sosiale of Geografiese faktor. Elkeen vertoon 'n groot afwisseling wat betref die boustyl van die geboue en in die plan van uitlegging van die strate. Die derpe is gebiede waar 'n groot aantal bewoners in 'n klein area saam gekonsentreer is. In die reël ontstaan 'n dorp as 'n uitvloei-sel van sy omgewing.

Die begin van die dorp is klein en dit brei geleidelik uit namate sy omgewing meer en meer ontwikkel. Die dorpsbewoners en plattelandse bevolking staan in noue kontak met mekaar en oefen 'n wedersydse invloed uit. Die plattelandse bewoners is onafskeidelik aan die derpe verbind, beide wat hulle werksaamhede en besigheid betref. Die boere begeef hulle na die derpe om hulle te voorsien van hulle materiele behoeftes, om geld te bank en om hulleself kultureel en geestelik te verryk. Die stedelike sentrums groei nie uit hulle eie nie; die platteland stel hulle daar om een of ander funksie te verrig waarvoor 'n sentrale ligging nodig is.

Die onderskeidende faktor tussen die stad en die platteland is nie alleen 'n verskil in digtheid, verbreiding en rangskikking nie. Daarnaas het ons nog die aanwesigheid, in laasgeneemde van 'n groot aantal persone wat verbruikers, maar geen produsente van voedsel is nie. Die wording van 'n dorp veronderstel die produksie van 'n oormate van landbou produkte om die benodig vir eie gebruik deur die primêre produsente. As gevolg van 'n sekere ontwikkelingspeil van die plattelandse bevolking konsentreer hulle hul gemeenskaplike belange in een of



ander sentrum wat dan aan sigself oergelaat word om uit te brei.

Die plan of grondligging van die dorp kom op verskillende maniere tot stand. Dit is in 'n groot mate afhanklik vir sy vorm van die topografie van die landskap. Het die dorp nou eenmaal 'n sekere vorm aangeneem, gaan dit voort om in die sekere rigting te ontwikkel. Selde gebeur dit dat in die loop van die tyd die grondligging van die dorp radikaal gewysig word. In elke dorp is daar gewoonlik twee gedeeltes te onderskei, 'n ouere gedeelte wat die kern van die dorp vorm en 'n nuwere afdeling wat sig in aansluiting by die oue ontwikkel het.

Sekere punte in die landskap is die maklikste bereikbaar vanuit alle punte van die besette streek, vir ruiling en handel om op 'n groot skaal plaas te vind. Alle stedelike sentrums is tot 'n meerdere of mindere mate plekke van ruil. Hier word vanuit afgeleë gebiede artikels versamel en gere-distribueer, onder die inwoners van die streek wat dit van node het. Die belang en grootte van die dorp sal afhang van die welvaartspeil van die omliggende dele wat dit bedien. Weë van 'n relatiewe gelyk geleë landskap of vallei sal gewoonlik lei in die rigting van een of ander bergpas. Dorpe ontstaan gewoonlik waar weë kruis of waar die heuwels die valleie ontmoet.

Waar ons 'n groot landbou produksie het is daar van node 'n groot aantal handelaars om die boere se produkte te verkoop en sy benodighede te koop, 'n transportsisteen om sy produkte te vervoer, en 'n groot aantal onderwysers, prokureurs, predikante, dokters, tandoartse en ander professionele mense. Namate die streek in diens van die industrieë staan sal daar fabrieks- en ander arbeiders in die dorpe gekonsentreer wees. 'N sekere persentasie van die landbou produkte sal in die gebied self omvorm word.

Die groot verskil tussen die uiterlike van die plattelandse en dorpswoning is, dat in eer genoemde gedeelte die huise gekenmerk word deur ruimte van bebouing en is hulle



maar een verdieping hoog. In die dorpe is die vorme en die struktuur van die huise sowel as die gebruikte materiaal soveel meer gevarieerd. Die kontras tussen armlike en ryke woninge in die dorpe is dan ook veel meer oeglepend dan op die platteland.

Die versameling van menslike woninge te Hermon, Lamotte en Klapmuts het ontstaan as konsentrasies langs die spoorweg. Te Klapmuts is daar slegs nege blanke huisgesinne wat insluit die stasiebeamptes en winkeliers. Dan is daar ook nog woonagtig die aantal nie-blankes wat werksaam op die spoorweg is. Die oppervlakte wat die woninge van Lamotte in beslag neem is ietswat groter dan die van Klapmuts, en eersgenoemde se huise is ook veel meer gekonsentreerd. Geleë op die hoofweg na Franshoek is die huise van Lamotte - nie baie indrukwekkend nie - aan weerskante van die pad gerangskik.

Veel groter as laasgenoemde twee plekkies is die "township" van Hermon. Geleë aan die westekant van die spoorweg wat noordwaarts lei, bedien hierdie plattelandse dorpie die graanbou afdeling van die Wellington se distrik. Die dorpie is uitgelê in die vorm van 'n T langs die spoorweg en die hoofweg. Die bebouing is van 'n ruim ope tiepe daar elke woonhuis in sy eie tuingrond staan. Selfs hier waar ons nog maar die begin stadium van 'n dorpie het onderskei sig reeds die kleurlingbuurte van die res. Op die oewers van die Bergrivier, wat aan die weste van Hermon sy bedding het, is die meeste van die kleurlinghuisies gekonsentreer.

Daar die omvang van bogenoemde drie plekkies so klein is, was ons geregverdig om slegs terloops van hulle melding te maak. Die Munisipale areas van die Pêrel, Wellington en Franshoek verdien egter spesiale aandag. Dit is die punte waar die grootste aantal inwoners gegroepeer is.



## Die Munisipale Area Van Die Pêrel

Die Pêrel is geleë aan die ooste-helling van die Pêrelberg, ses-en-dertig myl van Kaapstad. Die dorp vorm die sentrum van die Pêrel - Wellington se eenheid. Die Pêrel is dan ook die belangrikste en grootste dorp in die area, terwyl dit die tweede grootste sentrum in die Westelike Kaapprovinsie is met 'n totale inwonertal, beide blankes en nie-blankes, van 17419. Die nie-blankes oortref die blankes in getalle. Oor 'n lengte van sewe myl strek die dorp sig uit, of liewers is die huise verspreid, tussen die Bergrivier aan die een kant en die berg aan die ander kant.

Die kern van die dorp is die ou Suiderpêrel-kerkie wat vandag nog bestaan. Hierdie kerkie is in 1717 gebou, deels uit fondse beskikbaar gestel deur Hemming Huising, en deels uit bydrae deur die ander burgers van die kolonie. Om die kerkie het sowat dertig huise, met tuine en wingerdgronde, en met die hoofstraat tussendeur, sig groepeer. Hierdie eiendomme was die dorps huise van 'n aantal boere waarin hulle vertoef het as hulle Sondags na die kerk gekom het. Namate die huise aangegroei het, het die besigheidswyk sig ook hier bevind, veral op die westekant van die hoofweg.

Soos ook elders die geval is, is die dorp saamgestel uit 'n armer en 'n ryker gedeelte, kleurlingwyke, Godsdienstige- en opvoedkundige sentrums, hospitale, sportsgronde, onbeboude pleins en tuingronde soos uitkom op Kaart No X. Die grens van die munisipaliteit, soos blyk uit die kaart, is baie onreëlmatig. Alleen 'n derde van die gebied onder die beheer van die stadsraad is met woninge bebou en onder landerye. Feitlik al die berggronde is onder beheer van die munisipaliteit, maar is die gesamentlike eiendom van 'n aantal boere en van die dorpsbewoners wat dit vir weiveld vir die vee wat hulle aanhou kan gebruik. Deur die reg wat die Stadsraad op die berggronde het kry hulle kontrole oor al die water in die berg. Die water is van groot belang by die voorsiening van water aan die dorpsbewoners van die Pêrel.



Wat die natuurlike dreineering van die dorp betref is dit besonders gunstig in die opsig geleë. Alle oertollige water dreineer weg na die Bergrivier. In die somer waai daar in die agtermiddae altyd 'n keel seewindjie. Omdat die helling waarop die dorp aangelê is baie steil is, en die oppervlakte afloop met swaar reens baie groot is, is die agterplase van die meeste woninge wat uitkyk op die berg, op die westekant van die hoofweg met klippe of sement uitgevoer.

Die Hoofstraat vorm die ruggraat van die dorp en die bebouing wat daarlangs aangetref word, is van 'n geslote karakter. As 'n steun vir die Hoofweg het ons Ladygreystraat, met in 'n nog groter mate geslote bebouing as die Hoofweg. Alleen in sy middelste gedeelte vertoon laasgenoemde straat die eienskap in 'n groot mate. Weg van hierdie twee strate is die ander systrate in 'n mindere mate dig bebou. Geen skema kan ons terug vind in die uitligging van die strate nie. Soos blyk uit die plan van die dorp, is die verdeling van die strate uiters onreëlmatig. Daar is slegs enkeles wat mekaar reghoekig sny. Meeste van die strate loop teen die berg of aan die walle van die Bergrivier dood. Die grootste aantal dwars-strate wat mekaar reghoekig sny word aan die oostekant van die Hoofweg aangetref, waar die helling nie so groot is nie.

Die suidelikste en noordelikste gedeeltes van die dorp dra 'n erg landelike karakter. Dit vlei voort uit die feit dat hier 'n groot aantal plase aanwesig is, almal maar van klein omvang. Dit veroorsaak dat die huise soveel verder van mekaar geleë is dan in die res van die dorp. Aan die helling van die berg is ook 'n groot aantal plase geleë. Hier grens die huise egter meestal aan een of ander straat terwyl die landerye daarvandaan terug strek. So val hierdie huise indie algemene skema van die dorpsbebouing.

Waar die ou besigheids sentrum eers om die ou kerk gekonsentreer was, het dit sig gedeeltelik met die noordwaarts



uitbreiding van die dorp meer en meer in die rigting verplaas. Vandag is Ladygreystraat en die onmiddellike aangrensende dele van die hoofweg die vernaamste besigheidswyke van die dorp. In hierdie omgewing is ook die digste bevolking gekonsentreer; binne maklike bereikbare distansie van hulle werksaamhede. Die enigste gedeelte aan die oostekant van die Bergrivier waar daar 'n digte konsentrasie is, is in die rigting van Kleindrakenstein. Hier het die Stadsraad 'n soort van buitewyk probeer aanlê. Die poging was egter nie met veel sukses bekroon nie.

Met die uitsending van Ladygrey of Hugenotebrug is die verbinding van die dorp met die oostelike oewer van die rivier maar baie sleg. Daar is wel 'n aantal deurdriewe deur die rivier, waar die bedding met konkreet bedek is. Hierdie driewe is wel gedurende die somer maande bruikbaar maar is nutteloos in die winter wanneer die rivier in vloed is.

Die gedeeltes waar by uitstek die mooiste wonings aangetref word, is in die gedeeltes verwyder van die Hoefweg en Ladygreyweg; by uitnemendheid aan die helling van die berg. Hierdie hoër liggende gedeelte word dan ook beskou as die beste residentieële kwartier. Die bebouing is van 'n ope tipe. Elke villa staan in ruime grende, gewoonlik 'n blomtuin. Baie van die geboue is twee verdiepings hoog en met rooi panne bedek, hoewel die vorm van die wonings sterk afwissel. Deurdat die huise aan die Hoefweg geleë van die oudste is, is die indruk wat sommige van hulle maak nie van die beste nie. Die bebouing is van 'n geslote tipe maar is die indruk in die algemeen een van netheid. In die strate wat oorewegend deur die armer klasse bewoon word is daar dikwels vier tot vyf huise aanmekaar gebou.

Terwyl die meeste strate, of oorewegend deur blankes of deur nie-blankes bewoon word, kan ons nie se dat daar 'n skerp skeidingslyn bestaan nie. In elke geval kan ons se dat daar 'n strewe na so 'n skeiding bestaan, maar dat dit in



die praktyk in hoofsaak berus op verskille in welvaart en slegs gedeeltelik op konvensie. In die nie-blanke buurt kry ons hier en daar 'n arm wit famielie terwyl omgekeerd nog altyd 'n paar nie-blanke gesinne in die blanke wyke aangetref word, veral die kleurling huisgesinne woonagtig op die plase.

Die grootste kontras bestaan daar tussen die afdelings deur blankes bewoon en die deur die nie-blankes bewoon. Die maatskaplike lewe aan sy twee uiterstes gesien. Oorvloed en armoede, orde en wanorde, geluk en ongelukkigheid is naasmekaar liggende. Die aantal nie-blankes, wat in getalle die blankes ver oortref, is in 'n veel kleiner area as die blankes woonagtig.

Waar in die blanke afdelings die strate geasphalt of van harde gruis is, is in die nie-blanke afdelings die weë van modder in die winter en stof in die somer. Die huisies van twee vertrekke in die reël, staan in aaneengeslote rye, vier of vyf aanmekaar gebou. Daar is haas geen tuingrend aan die huisies grensend of ope ruimtes tussenin nie. Orals in die smalle straatjies speel die nie-blanke kinders rond. 'N verskynsel wat maar al te dikwels aangetref word, is dat twee nie-blanke gesinne in dieselfde huisie woonagtig is. Die prentjie van die nie-blanke wyke is een van uiterste nalatigheid, armoede en onhigiëniese toestande. Daarby kom nog dat, die huisies dikwels in slegte toestande van reparasie is

In die sensus is opgegee 800 naturelle woonagtig in die distrik van die Perel. 'N groot aantal van hierdie kaffers was in die diens van die Munisipaliteit met die bou van die bergpad. Vandag het meeste van die kaffers verhuis en is daar slegs sowat 300 nou in die dorp woonagtig. Die gedeelte waar die meeste kaffers hulle bevind is aan die suidekant van Ladygreystraat en staan bekend as die Jubilee.

Die vraag  $\frac{1}{2}$  wat sig aan ons opdring is in hoeverre hierdie nie-blankes verantwoordelik is vir die slegte



toestande wat daar onder hulle heers. Dronkenskap! Tet in 'n sekere mate ~~mate~~, vererger deur slegte behuisings toestande en 'n lae lewensstandaard. Wie is die eienaars van hierdie kretjies? Vooraanstaande manne in die samelewing van die dorp! Kan hulle nie beter toestande teweeg bring nie deur beter behuisingskemas nie?

Wat die opvoedings inrigtings betref is die dorp vir beide blanke en nie-blanke opvoeding goed ingerig. Alhier is twee Meisies Hoërskole, twee Jongetjies Hoërskole, 'n Opleidingskollege, 'n aantal nie-blankeskele en 'n nie-blanke opleidingskollege naamlik die Athlene inrigting. Daarnaas het ons nog 'n aantal primêre skooltjies. Uit alle dele van die land is hier kosgangers in die aantal goed ingerigte skoliere-losieshuise. Op die kaart wat die blanke inwoners van die dorp aangee, Kaart No VIII is hierdie kosgangers ook verteenwoordig. Die sensus opname reken die kosgangers as permanente residente. Die berekening is verstaanbaar omdat vir die grootste gedeelte van die jaar hulle tog hier woonagtig is, en hulle alleen die vakansies aan hulle huise deurbring.

Perel is ongeveer viermaal so lank as wat dit breed is. Hierdie vorm is te danke aan die feit dat die dorp ingedruk is tussen die rivier en die berg. So is dit begryplik dat die dorp noodgedwonge noord en suid moet uitbrei. Sinds die bou van die Hugenotebrug het die dorp ook begin uitbrei langs die Perel - Wellington se hoofpad. Weens sy ligging aan die voet van die Perelberg en in die nabyheid van die Kleindrakensteinberge, is die dorp beskut teen die weste en oostewinde.

Daar is twee groot stoordamme in die Perelberg wat die dorpsbewoners met water voorsien. In die somer maande wanneer die waterstand in die reservoires gevaarlik laag word, word daar water uit die Bergrivier gepomp. Eienaardig is dit dat die inwoners geen gebruik maak individueel van die water



van die Bergrivier vir tuinbou doeleindes nie. Die rivier loop egter soveel laer as die beboude gedeeltes dat daar te veel onkoste aan verbonde is om die water uit die rivier te kry. Die leiwater vore wat aanwesig is in die ander dorpie van die Westelike Kaapprovinsie ontbreek heeltemal. Vir tuinbou doeleindes kan die inwoners genoegsame water van die Munisipaliteit verkry gedurende die warmste maande. Vir die res is die waterhoudende kapasiteit van die gronde voldoende vir die verbouing van gewasse.

Die fabriek aanwesig in die dorp is almal nywerhede wat berus op die landbouprodukte van die Pêrel - Wellington se gebied en aangrensende dele. Die fabriek soek almal die nabyheid van een of ander van die twee vermaamste stasies van die Pêrel op, naamlik Hugenoet of Pêrel stasie. Vir die vervoer van hulle produkte is die ligging dan ook te verkies. Die fabriek bestaan uit twee fynmeel-meule, een tabakfabriek, 'n konfytfabriek, 'n looiery, 'n stewel en skoefabriek, 'n wolwassery, 'n hamfabriek, 'n rytuig en wamakery, 'n bakpoeierfabriek en vier wynkelders die vermaamste waarvan die K.W.V. is. Hierdie fabriek verskaf werk aan 'n groot aantal blanke sowel as nie-blanke arbeiders.

Voordat motertransport in die mode gekom het, het die Karre-en Wamakery vervoermiddels gemaak wat deur die hele Unie bekend was. Weekliks het daar groot versendings waens en karre na die binnelande gegaan. Sinds die opkoms van die meterverkeer het die industrie so agteruit gegaan dat hulle die maatskappy ontbind het. Gedurende die vrugteseisoen November tot Maart verskaf die plaaslike konfytfabriek van Jones en Kie werk aan sowat 400 arbeiders, Terwyl die permanente staf van die fabriek maar sowat 150 is. Veelvandig van die konfynt en ingelegde vrugte word na die Europese marke gestuur.

Nog 'n bedryf waarvan ons spesiale melding kan maak is die klipkapperie uitgeoefen aan die hange van die Pêrel-



berg. Daar bestaan drie granietkwarries wat deur hulle geskiet met dinamiet telkens die rus van die inwoners van die Pêrel verstoer. Hierdie granietkwarries of ope myne is van die rykste in die land. Daar is nie veel onkoste aan die kapping verbode nie daar die graniet in groot stroke aan die oppervlakte verskyn. Die arbeiders wat hier werk, werk dan ook nie dag na dag nie, daar die hoeveelheid klippe wat gekap word afhang van die aanvraag. Die lone wat die arbeiders ontvang is egter baie hoog. Hier is dan ook 'n aantal werkplase waar die klippe verwerk word. Die granietklippe word gebruik in die bou van huise sowel as in die maak van paaie. Dit verbaas ons dat nie meer huise aan die Pêrel van granietblokke gebou is nie. Die oorwegende rede is dat die bou met klippe seveel moeiliker en duurder is. Die voorkeur word dus aan bakstene gegee. Die klei waarvan bakstene gemaak word is ook volop in die eenheid.

#### Die Munisipale Area Van Wellington.

Ongeveer tien myl noordwaarts van die Pêrel en ook geleë aan die hooflyn wat van die Kaap na Johannesburg lei, tref ons Wellington aan. Die Munisipale area omvat 1070 m<sup>2</sup> grond waarvan alleen sowat 'n derde deur die dorps huise self in beslag geneem word. Die res word deur die landerye van die plase en deur die gemeenskaplike gronde in beslag geneem. Die grense van die Munisipale area is veel meer natuurlik dan in die geval van die Pêrel. Ten noorde het ons die Kromrivier as grens en aan die weste die Bergrivier.

Wellington met sy 6088 inwoners waarvan 2663 blankes en 3225 nie-blankes is, speel 'n minder belangrike rol in die gemeenskaplike lewe van die streek as die Pêrel. Naas laasgenoemde dorp kan ons Wellington ook beskou as geleë in die sentrale gedeelte van die Pêrel - Wellington se gebied. Waar die treinspoor die Munisipale area van die Pêrel aan sy rand sny, verdeel die spoorweg ongeveer die area van Wellington in



twee gelyke dele.

Geleë in 'n laagte, aan alle kante omring deur heuwels word die dorpie baie koud in die winter en warm in die somer. Waaronder die stigters van die dorpie nie liewers een van die aangrensende heuwels uitgekies nie? Die rede is vanselfsprekend. Eerstens het hulle hul drinkwater en leiwater vir hulle tuine uit die stroompies gekry wat van die aangrensende hooglande vloei. Tweedens moes hulle beskerming soek teen die oostewind. Die konsentrasie van dorpshuisies het dus die laagte opgesoek waar die omliggende heuwels in 'n mate as 'n windskeerm kon dien. Vandag nog kry die dorpsbewoners die water vir hulle tuine uit die Kromrivier en uit die Spruitrivier wat deur die dorp vloei. Deurdadig daar soveel water uit die Spruitrivier gedurende die somer maande geneem word, is die waterstand van die stroompie in die dorp baie laag en die reuk alles behalwe aangenaam vir die bevolking aan die oewers. Die drinkwater vir die dorp word deur middel van pype uit die Witrivier in 'n stoordam vergaar, vanwaar dit weer oor die dorp gedistribueer word.

Die kern van die dorp was die gedeelte in die onmiddellike omgewing van die Spruitrivier, tussen Kerkstraat en Bainstraat. Hiervandaan het die dorp sig geleidelik noord en weswaarts uitgebrei in die rigting waar vandag die stasie geleë is. In die oudste gedeelte van die dorp is dit opvallend dat die beboude blokke veel groter is as in die nuwere gedeelte van die dorp. Destyds was die erwe veel groter as vandag die geval is. Waar eienaars groot stukke grond besit het, het hulle dit opgedeel in kleiner erwe.

Daar is 'n duidelike plan terug te voer tot die grondligging van Wellington. Die strekking van die Kromrivier bepaal die vorm van die dorp. Ruweg gesproke is die vorm van Wellington die van 'n reghoek waar die Hoofweg en Kerkstraat die as van die reghoek vorm. Die strate met enkele uitsonderings



sny mekaar reghoekig.

Die bou van Wellington is veel meer samegestel as in die geval van die Pêrel. Alleen aan die rante van die Munisipale area tref ons 'n aantal plase aan. Ons sal die nie meer in die plan van die dorp insluit nie. Die bebouing is dieselfde soos aangetref in die Pêrel. Die dele wat die digste bebou is en waar die bebouing van 'n geslote tiepe is, is aan die Hoefweg, Kerkstraat, Bainstraat en die tussenin liggende dele Kaart No XII en XIII. Die is dan ook die besigheids gedeeltes van die dorp. In die geval van die Pêrel vind ons dat die winkels en die besigheids kantore in die meeste gevalle verwyderd is van die wonings van die eienaars. In Wellington is dit opvallend dat meeste van die eienaars in die nabyheid van hulle besighede woon. Nog 'n verskynsel wat ons wel in Wellington aantref maar wat in die Pêrel afwesig is, is die huise van 'n aantal spoorweg arbeiders langs die spoorweg gekonsentreer. Hierdie arbeiders-wonings strek sig uit vanaf Wellington Stasie al langs die treinspoor in 'n suidelike rigting.

In die jaar 1859 is daar 'n begin gemaak met die bou van die treinspoor vanuit Kaapstad na die binnelande. Teen 1864 het die spoorweg Wellington bereik. Vir sestien jaar daarna was Wellington die terminus van die spoorweg en gevolglik die punt vanwaar goedere na die binnelande versend is. Wellington was die stapelplek vir allerlei goedere. Vanuit hierdie punt het die swaar belaaide togwaens heen en terug oor die Bainskloof pas getrek. Die pas was reeds twintig jaar voorheen onder leiding van die ingenieur Bain begin en spoedig daarna voltooi met behulp van die arbeid van bandiete. Wellington het dan ook toe veel munt uit sy ligging geslaan en spoedig ontwikkel. Met die verlenging van die spoorweg het die bron van voorspoed aan Wellington verlore gegaan. Vanaf hierdie tyd het die dorp maar stadig aan uitgebrei.

Net soos in die geval van die Pêrel kan ons geen



skerpe grense trek tussen die blanke en nie-blanke wyke nie. Die kleurling afdelings van die Pêrel en Wellington gelyk op mekaar soos twee ertjies in 'n peul. Ons het miskien hierdie uitsondering dat in die reël die huisies in laasgenoemde verder van mekaar verwyderd is. Dus gee die Wellington se nie-blanke wyk 'n ietswat ruimer indruk as in die Oûtuin een van die nie-blanke afdelings van die Pêrel. Die grootste aantal nie-blankes woonagtig in Wellington is gekonsentreer op die westekant van die Hoefweg in die gedeelte plaaslik bekend as die Rooikam, omdat meeste van die huisies se dakke rooi geskilder is.

Die aantal Asiëte in die dorp aarwesig is nie talryk nie en hulle beoefen in hoofsaak winkelniering. In die Pêrel het die Slamaaiers hulle winkeltjies in die nie-blanke wyk. In Wellington is die winkeltjies langs die Stasieweg (Hoefweg) tussen die Jodewinkels verspreid.

Die dorp is ook goed voorsien van opvoedkundige fasiliteite wat bestaan uit 'n Hoër Meisieskool, 'n Hoër Jongensskool, 'n Universiteits Kollege, Sending-Instituut, Opleidings-Kollege, en 'n kleurlingskool. In 1824 moes die Wellington se bevolking nog na die Pêrel se kerk gekom het maar later het hulle hul eie gemeente gestig.

Die fabriek van Wellington staan ook maar in verband met die landbou produkte van die omgewing. Die fabrieksnierhede bestaan uit 'n konfytfabriek, 'n looiery, twee stewel en skoenfabrieke, 'n varkspek- en hamfabriek, twee koringmeule, twee pakhuse vir gedroogte vrugte en twee wynkelders. Die nierhede is ook in hoofsaak in die omgewing van die stasie gegroepeer.

Beide Wellington en die Pêrel is van betekenis nie alleen vir hulle onmiddellike omgewing nie, maar ook vir ander verder afgeleë streke. Vrugte vir die konfytfabriek word verkry van Tulbagh, Ceres, Olifantsrivier en die Sondags-



rivier Vallei. Gedroogte vrugte vanuit ander dele word na die pakhuis gestuur. Velle en huide vind 'n afset gebied by die skoën - en stewelfabriek, terwyl vanuit verskillende dele varkens versend word na die spek- en hamfabriek.

#### Die Munisipale Area Van Franshoek.

Die dorpie van Franshoek is geleë aan die suid-oostelike uitheek van die Pêrel - Wellington se gebied en is byna aan alle kante omring deur hoë berge. Geleë aan die voet van die Franshoekspas is dit 'n dorpie van nie veel betekenis nie. Dit is te ver verwyderd van direkte weë na die binnelande en ook te veel van die aangrensende dele afgesluit. Tot onlangs nog was die Franshoekspas onbruikbaar vir moter verkeer.

Die aantal inwoners is 1043 waarvan 500 nie-blankes en 543 blankes is, terwyl die Munisipale area 2123 <sup>m</sup>êre groot is. Hiervan neem die dorp slegs die uiterste suid-westelike hoek in beslag. Drie-vierdes van die gronde onder die beheer van die Stadsraad is in die berge geleë. Deurdat die dorpie so na aan die berg geleë is, is daar maar min plase binne die driehoekige Munisipaliteit geleë.

Franshoek bedien 'n streek waar 'n betreklike digte bevolking gekonsentreer is, soos blyk uit die Blanke - Bevolkings Kaart. Noctans is die dorpie nie 'n groot besigheidsentrum nie en maar van klein omvang. Alleen 'n taklyn verbind dit met die hoofspoorweg en is daar maar slegs drie maal in die week passasiers verkeer op. Daar die dorp maar agtien myl per pad van die Pêrel verwyder is vind die boere dit voordeliger sowel as geriefliker om vir alle groot besigheids-transaksies self na die Pêrel te kom.

Die dorpie gee 'n mens nog 'n erg landelike indruk. Elke woning staan in ruime gronde. Die enigste gedeelte wat kan aanspraak maak op aaneengeslote bebouing is Victoria weg wat in direkte verbinding met die Franshoekspas staan. Die



paar winkels en kantore is ook in laasgenoemde straat aanwesig. Die dorp is aangele volgens die skaakbord patroon waar die meeste strate mekaar reghoekig sny. Die eintlike nie-blanke wyk is geleë aan die noord-weste van die dorp, op die noorde-oewer van die Franshoeksrivier wat midden deur die dorpie kronkel.

Franshoek besit ook 'n Hoërskool vir beide meisies en jongetjies en / twee kleurlingskole. Met die uitsondering van 'n wynkelder kan die dorp geen fabrieksnwywerhede vertoon nie.

#### Opsomming Van Die Bespreking Oor Die Munisipaliteite.

Uit die bespreking van bogenoemde drie dorpe blyk dit dat die digtheid van die bevolking per eenheid van oppervlakte van 'n dorp nie soseer afhang van die nabyheid van die huise nie. Dit hang af van die oppervlakte onder beheer van die Stadsraad. Al drie die Munisipale areas van die eenheid omvat geweldige stukke grond terwyl die werklike oppervlakte onder huise bebou maar klein is na verhouding. Waar ons die digtheid van die bevolking wil gaan uitwerk, sal ons alleen die werklike bewoonde area in aanmerking moet neem, anders sal die resultaat 'n verkeerde indruk wek van die verbreiding van die menslike woonplekke binne die munisipale areas.

In die geval van die Pêrel en Franshoek, waar veel berggronde ingesluit word onder die beheer van die dorpsbestuur is dit onwaarskynlik dat met die uitbreiding van die dorpe die huise oor die gehele oppervlakte sal versprei, tensy die hange van die berge geterraseer word. 'N Geografiese verskynsel is dat vir verdere uitbreiding die mens die lyne van die minste weerstand volg. Waar daar nog veel gelyke gronde beskikbaar is sal die huise sig versprei buite die grense van die munisipale areas. Sodoende sal die Stadsraad mettertyd verplig wees om die grense van die gebied onder hulle beheer te verskuiwe. Wellington is reeds besig om buite die dorpsgrense uit te brei.

Die as waarem die hele maatskaplike lewe van 'n



dorp draai is die stadsaal. Hier is gewoonlik die kantore van die stadsraadlede wat moet sorg vir die effektiewe kontrole van alle sake binne die dorpsgrense. Die werksaamhede van die stadsraadlede bestaan daaruit om te sorg vir die beligting, watervoorraad, dat die strate in goeie toestande vir die verkeer is, dat ongewenste geboue nie opgetrek word nie en dat die higeniese toestande alles is wat wenslik is. Die belasbare waarde in die dorpe verskil nie onderling nie, hoewel dit plaaslik van mekaar verskil.

---



## X. KONKLUSIE.

---

Die interresante van 'n dergelyke studie van die verbreiding van die menslike woonplekke in 'n streek is, dat dit vir ons toon dat die digtheid, verspreiding en rangskikking van die bevolking van 'n bepaalde eenheid ongelykmatig is. Dit is as gevolg van die invloed van natuurlike wette, d.w.s. volgens gehoorsaamheid aan bepaalde Geografiese wette. Dit toon vir ons ten duidelikste algemene welbekende stelling in verband met die verspreiding van die bevolking. 'N soortgelyke studie beklemtoon weer besonders allerlei klein, nie in die ooglopende maar interresante gegewens. Die woninge van die bevolking kan ons beskou as die onproduktiewe besetting van die landskap.

Die studie van die Pêrel - Wellington se gebied as Geografiese eenheid, het aangetoon hoedat die mense oor die oppervlakte verspreid woon, wat hulle onderskeidende eienskappe, werksaamhede, oorsprong en evolusie is. Dat daar bepaalde wetmatighede volgens sekere beginsels in die verbreiding is, is duidelik. Die vernaamste beperkende faktore is die bou van die land asook die klimaat. Die klimatologiese faktor bepaal die watervoorraad, die rivierstelsel, die natuurlike plantegroei sowel as die kultuurplante en gevolglik die karakter van die landbou. Hieruit vloei derhalwe op sy beurt die liggaamlike en verstandelike welvaart van die bevolking.

Die bewoners van die gebied vestig hulle onder normale toestande in die valleie en langs die riviere. Die woninge vermy sover as moontlik die berge. Die verder ons opstyg langs die hellinge van die berge die dunner en onvrugbaarder word die grond sodat dit maar 'n karige opbrengs, na verhouding van die arbeid en belegde kapitaal gee. Daarby kom nog dat onder die proses van bewerking die landerye bloot staan aan die gevaar van verspoeling. Al die waardevolle gronde word



weg gedra na die laagtes. In sommige gevalle is die berghellings so steil dat alleen deur die aanle van terasse verbouing moontlik is.

Die Pêrel - Wellington se streek is in hoofsaak een wat sig besig hou met landbou aktiwiteite. As sulks staan die bevolking nog voor allerlei landboukundige probleme wat die Unie Regering trag om deur middel van navorsingswerk op te los. Daarby kom nog dat die jaarlikse opbrengs van die kultuur gewasse baie wisselvallig is, en die grond baie armlik aan plantvoedsel is. Hierdie faktore maak dit onmoontlik dat daar, sonder om kunsmatige metodes toe te pas, 'n klas van boer sal ontstaan wat baie klein plasiëbaie intensief sal bewerk. So doende sou 'n groot bevolking in 'n klein area op die produkte van die streek geonderhou kon word.

Dit word somtyds beweer dat die kulturele mens homself kan los skeur van die tirraniese oorheersing van die natuur terwyl die primitiewe mens slaaf van sy omgewing is. Die studie van die Pêrel - Wellington se oppervlakte het die oordrywing van hierdie stelling bewys. Ons gee toe dat, tot in 'n sekere mate die mens sy omgewing kan verontagsaam. In heef trekke is hy egter needgedwonge om aan die invloede van die aardkers te gehoorsaam.

'N onderverdeling van die aarde in verskillende streke sal help om 'n duidelike beeld te vorm van die voordele en nadele van dergelyke afdelings. Dit sal ons help om die onderlinge afhanklikheid van die een streek van die ander te erken. In 'n sekere mate sal dit ons laat verstaan wat die bevolkingsdraagkrag van die gebied sal wees.

Die Pêrel - Wellington se gebied laat die volgende tipes van landskap te sien. Die nuttelose gedeeltes - veral die berge - waar veel klippe, sand of rotse aanwesig is. Tweedens het ons die besbebeude gedeeltes. Hieronder kan ons insluit die gronde waarop spesiale bosse aangeplant is en die gedeeltes



van die afsonderlike plase waar dit nie wenslik was of die moontlikhede nie bestaan het om die bosse weg te kap nie. Meestal is die bosse op die armlikste gedeeltes van die plaas aanwesig. Ten laaste het ons die bewerkte gronde . Die is beplant met kultuurgewasse, soos, boerde en wingerde waarvan die produkte van 'n sekere stuk grond vir 'n aantal opeenvolgende jare dieselfde is,. Daarnaas het ons 'n afwisseling in die produkte voortgebring op dieselfde stuk grond jaar na jaar soos in die geval van graan en tuinbou produkte. As slot kan ons nog net die aanwesigheid van groepe mense in die dorpe van die eenheid meld.

---